

4 SEPTEMBER 2016

SESTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD : SKEPPING – I

LITURGIESE VOORSTEL

Leesroostertekste

Sleutelteks: Lukas 14:25-33

Ander tekste: Jeremia 18:1-11; Psalm 139:1-6, 13-18;
Filemon 1-21

God versamel ons voor Hom

Danksegging

Gebruik Psalm 104 (sien Basisliturgie) of Palm 139. Indien Psalm 139 gebruik word, laat die gemeente almal hardop saam vers 1-6 en 13-18 lees/bely.

Seëngroet

“Soos klei in die pottebakker se hand, so is julle in my hand... (gemeente se naam), sê die Here” (uit Jer 18:6b).

Doopherinnering

Lees Psalm 36:8-9. (Die Direkte Vertaling 2014 is besonder mooi.) Vers 9-10 is veral geskik om ons te help om die doop as “fontein van die lewe” te verstaan met water wat dit simboliseer en bewerkstellig. Gedooptes se dors is volledig geles omdat hulle deur die doop deel kry aan en leef van die Fontein van die Lewe.

Diens van die Woord

Gebed

Voorganger: Die hemelruim verkondig die eer van God en die hemelkoepel maak die werk van sy hande bekend.

Gemeente: Dankie dat U met ons praat, Here.

Voorganger: Die wet van die Here is volmaak, dit gee lewenskrag; die bepalings van die Here is betroubaar, dit gee wysheid aan die eenvoudige.

Gemeente: Dankie dat U met ons praat, Here.

Voorganger: Die opdragte van die Here is reg, dit maak die hart bly.

Gemeente: Ons sal luister, Here (uit Ps 19).

Inleiding

Die sleutelteks, Lukas 14:25-33 roep navolgers van Christus daartoe op om diepste kosbaarhede prys te gee. Jeremia 18:1-11 ondersteun hierdie oproep deur die herinnering daaraan dat God se volk klei in sy hande is. Psalm 139 is die gelowige se Amen op God se betrokkenheid in sy/haar lewe.

In Filemon word ’n gelowige eienaar van ’n slaaf gevra om te vergewe en nuut met sy slaaf saam te lewe.

Diens van die tafel

Doen moeite om stil te staan by die betekenis en rol wat brood en drank in ons lewe speel as noodsaak om te lewe en hoe God dit tot boodskappers maak.

In die nagmaal gebruik God nie net brood en wyn/druiwesap om ons te help om nuut na God te kyk nie, maar God gebruik ook die nagmaal om ons te help om nuut na kos en drank (die natuur) te kyk.

Die volgende gebed van Wilhelm Jordaan verwoord die intieme verband tussen die skepping en die nagmaalstafel, nagmaal en ontbyt – die erediens en die lewe:

In drome vol van ang
bedien my Heer my
’n klein sakrament
uit sy hand
breek die maan
wit wolke oop
tot sagte nagmaalbrood.
En môre by ontbyt
sit ek aan die tafel.
Sny ek uit die bakkersbrood
die nag se droom weer oop.
O Vlees van die Woord
voed my in hierdie môre
met u hemelgraan
dat iets van nagmaal
in my dag bestaan.

Uitsending

Sien die Basisliturgie

Musiek en sang

Gebruik dieselfde liedere by al vier Sondae in die Seisoen van die Skepping. Herhaling is soms goed en nodig vir fokus en aandag. In die Basisliturgie word twee plekke aangedui vir sang, naamlik na die preek en by die uitsending.

Na die preek: Hierdie liedere dien as reaksie op die Woord, skuldbelydenis of voorbereiding tot die nagmaal.

Lied 464, 246 of 257, 253

Sionsgesange: 8, 233 of 234, 370

Uitsending: Lied 464; NSG 29

Offergawes: Lied 457 en NSG 23

PREEKSTUDIE – LUKAS 14: 25-33

Inleiding

Dallas Willard noem dissipelskap “The Great Omission”, terwyl Dietrich Bonhoeffer daardeur ’n huishoudelike naam geword het. Frank Viola beskryf dissipelskap as die enkele grootste krisispunt in die moderne kerk. Daar word soveel oor die onderwerp geskryf en gepraat dat die gevaar weselik is dat dissipelskap bloot ’n onderwerp van besinning word. Die aantal “lees-vinnig-op-pad-werk-toe” en “kitskursus-in-dissipelskap” boeke wat in boekwinkels aangebied word met die beloofde drie, vyf of tien punt kitsoplossingsplan vir gewaarborgde sukses, word slegs in getalle geklop deur die hoeveelheid naweekseminare en -kursusse wat aangebied word.

’n Leser sou met goeie reg bogenoemde kon lees en aflei dat die skrywer ’n uiters siniese rigting inslaan. Daar is immers soveel positiewe inisiatiewe wat deur dissipels van die lewende Here geloods en gelei word. Die intensie van die skrywer is nie om ’n siniese posisie te verdedig of te stel nie. Sien dit eerder as ’n pleidooi, as uitnodiging om net ’n keer terug te keer na die stowwerige teks van Lukas 14, die woorde van die Meester na te lees en te vra na die implikasies daarvan vir ons.

Die laaste sin is egter makliker gesê as gedoen. In ons dag is die gunsteling verweer van menige spreker dat hy of sy buite konteks aangehaal is. Hoeveel te meer sou die skrywers van die Bybel kon beweer dat ons hulle buite konteks aanhaal? Hoe dan anders as ’n mens daaraan dink dat ons met ’n boek uit ’n agrariese (landbou) tyd van die geskiedenis te doen het. Dit is vandag redelike algemene kennis dat ons – as bedienaars van die Woord – die uitdaging het om die antieke en moderne/postmoderne horisonne te versmelt. Miskien meer as ooit is dit nodig om soos Karl Barth gesê het, die Bybel en die dagblad saam te lees – veral as ons dissipelskap in sy volheid wil ervaar!

Enkele penstrepe oor die verhouding tussen Paulus en Lukas. Die relevansie hiervan word onderstreep daardeur dat hierdie week se Leesroostertekste saamgelees moet word met die volgende drie weke se tekste binne die konteks van die Seisoen van die Skepping. Die volgende drie weke se sleuteltekste is almal Pauliniese tekste. Lesers word aangemoedig om hulle te vergewis van die verskille en ooreenkomste tussen dié teks en die volgende drie, indien die viertal as ’n reeks vir die Seisoen van Skepping aangebied word.

In die vroeë Christelike tradisie is die verhouding tussen Paulus en Lukas algemeen aanvaar. Met verwysing na Filemon 24, Kolossense 4:14 en 2 Timoteus 4:11 is redelik algemeen aanvaar dat Paulus en Lukas ’n hegte persoonlike vriendskap gehad het, ’n gemeenskaplike gestuurdheid gedien het en dat Lukas aan Paulus lojiaal gebly het toe ander van hom weggevlug het. Dié nadenke oor die verhouding tussen Paulus en Lukas (en hulle onderskeie teologies-parallele denke) het daadwerklik verander na die werk van Ferdinand

Christian Baur in 1831 oor die partyskappe in die kerk van Korinte. Baur se tese was dat die antieke of eerste kerk alles behalwe homogeen was en dat dit alreeds deurspek was met verskillende teologiese strominge.

In onlangse tye is die saak steeds een wat vurig debatteer word. Neem gerus kennis van die volgende kursoriese opsomming van die huidige navorsing:

1. Hulle het verskillende literêre genres gebruik; Paulus het primêr briewe geskryf en Lukas ’n verhaal.

2. Hulle het verskillende teikengehore (geadresseerdes) in gedagte gehad; Paulus se briewe is gerig aan gemeentes, terwyl Lukas beide sy evangelie en Handeling aan die fiktiewe Teophilus gerig het.

3. Paulus se aanpak is meer teologies deur sake direk aan die orde te stel. Lukas wou eerder deur sy verhaal die narratiewe verloop toon – iets wat kwalik die teelaarde vir teologiese redenasies is!

4. Lukas het gepoog (vgl sy eie woorde in Luk 1:1-4) om die bestaande bronne saam te bring in ’n enkele verhaal oor die Messias, Jesus Christus. Paulus het gesteun op eie verhoudingservaringe en -openbaringe (vgl Gal 1:1, 12; 1 Kor 15:8) met die opgestane Christus as vertrekpunt vir sy briewe.

Ten spyte van die verskille is daar ’n besliste onderlinge eenheid. Op die keper beskou, is die Pauliniese briewe en Lukasmateriaal die kern van die Nuwe Testament.

Teks en konteks

In *Woord teen die Lig*, II/2, het Dirkie Smit ’n meesterlike stuk oor die teks. Die leser word aangemoedig om dit te lees saam met die huidige bydrae.

Die roep tot dissipelskap/navolging en die opdrag om die koste daarvan te bereken aan die hand van twee kort gelykenisse oor die toringbouery en oorlog, volg kort op die eetverhaal wat in Lukas 14:1 begin. Soos dikwels in die evangelie word die “eettafel” Jesus se klaskamer. Terwyl die kulturele kode van die dag – die antieke ekonomie (*oikos nomos* – “wet van die huis”) – dikteer het dat eettafels volgens sosiale klasse saamgestel moes word (soort by soort), is die kern van Jesus se voorbeeld en woorde dat tussen sy volgelinge dit anders moes wees.

1. Oproep tot dissipelskap/navolging

Die hele gedeelte kan oorkoepelend as die *Magna Carta* van dissipelskap beskryf word. Interessant genoeg het Calvyn Markus 8:34, Matteus 6:24 en Lukas 9:23 gebruik as kommentaar, om Lukas 14:25-33 oor dissipelskap te ontsluit en te verhelder. Hy verwys in ’n viertal konsepte na selfverloëning, kruisdra, nadenke oor die ewige lewe en die korrekte aanwending van gawes in die alledaagse lewe, as die pilare van dissipelskap aan die hand van die Lukas 14-tekste.

’n Mens kan nie na Lukas 14 kyk sonder om eerstens die persoon van Jesus raak te sien nie. Die boodskap van dissipelskap en die koste-element maak alleen sin wanneer Hy voorop staan. Enigiets wat oor die koste van

dissipelskap gesê kan word, word alleen moontlik omdat Hy dit moontlik gemaak het. Op spoor van die antieke verstaan van dankbaarheid as die noodwendige teruggee van dit wat ek ontvang het, word die koste van dissipelskap daarom veel meer as 'n koste wat ek self op die hals haal. Omdat Christus alles gegee het, word ek opgeroep tot die koste van dissipelskap.

Die voorwaardelike/tydsaanduidende voegwoord “indien”/“wanneer” (*ei*) in vers 25 lei die gesprek oor dissipelskap formeel in, maar bind die konteks aan die voorafgaande perikope. Sonder 'n verrekening van die voorafgaande perikope word die “koste van dissipelskap”-perikope baie maklik 'n onevangeliese dogmatiese konstruk. Die leser/prediker word aangemoedig om ter wille van die konteks vanaf Lukas 14:1 saam met die huidige perikope te lees as aanloop tot die woorde in 14:26. Om sake binne konteks te verstaan, kan 'n bietjie agtergrond ons help.

Om saam te eet in die wêreld van die eerste eeu was 'n belangrike sosiale (politieke en selfs ekonomiese) aktiwiteit. Destyds het mense volgens hulle status en sosiale klas saam geëet. Rondom die eettafel is in die openbaar aangedui met wie jy jou vereenselwig en identifiseer. Dit het die stelsel van sosiale hiërargie in stand gehou en die onderlinge bande met jou eie mense versterk. As individu was elkeen ingewef in jou netwerk van verhoudinge met jou binnegroep van mense.

Teenoor hierdie status quo moet Jesus se opmerking aan die gasheer in Lukas 14:12 gelees word. Trouens, in 'n tereg wysende woord aan sy gasheer (14:12) en medetafelgenote (14:7) keer Jesus die sosiale tafels van die dag as 't ware om. In soveel woorde sê Jesus dat jy juis nie jou eie mense moet uitnooi na jou ete nie. Binne die sensitiewe stelsel van eer en skaamte moes hierdie woorde 'n skokgolf gewees het. Trouens, selfs in ons dag sal dit nie goed afgaan as jy aan jou gasheer wil voorskryf wie genooi en nie genooi moet word nie!

Hierdie sosiale aanslag word nog verder verskerp wanneer Jesus aandui dat die “regte gaste” – hulle wat uitgenooi moet word – eerder die armes, verswaktes, lammes en blindes moet wees. Terwyl ons as 21ste eeuse mense dink dat ons hierdeur opgeroep word om 'n “sopkombuis” te begin, het Jesus 'n baie belangriker konsep in die oog. Hy praat in terme van die nuwe huisgesin van God. Jesus se punt is dat die nuwe verhoudinge wat tot stand kom danksy God se goeie nuus dat mense tot sy kinders aangeneem word, uitdrukking moet vind in ons verhoudinge. Teen die agtergrond van die antieke eettafel moet die nuwe verhoudinge sigbaar word in die mense met wie ons omgaan. Gelowiges moet hulleself opnuut identifiseer, maar dié keer met hulle nuwe familieledes. God se nuwe huishouding en die noodwendige imperatiewe daarvan vir die lede kom ter sprake. Huisgenote van die nuwe Goddelike ekonomie moet immers volgens die Huiseienaar se reëls lewe.

Die bereidwilligheid moet by dissipels bestaan om in nuwe familieverhoudinge te tree, buite om die status quo. Iets hiervan herinner aan die Ou-Testamentiese opdrag om 'n stem vir die stemlose te wees, maar met 'n

interessante uitbreiding. Nie alleen word gelowiges stemme vir die stemlose nie, maar deel hulle middele met dié wat nie het nie. Daar is gevolglik ook 'n direkte lyn om mense te vind waar hulle is, in hulle nood.

In antieke tye – soos trouens vandag nog onder Bedoeïene – het gaste geweet dat van die oomblik af dat die gasheer hulle laat aansit, die gasheer verantwoordelikheid neem vir die kos, drank en die persoonlike beskerming van die gas. Op 'n radikale manier word die uitnodiging om te identifiseer met die ander broer en suster, 'n identifikasie tot op 'n vlak waar die dissipel bereid is om in te staan vir hulle versorging en veiligheid! Dit word hier reeds duidelik dat dissipelskap nie goedkoop is nie. Daarom reageer een van die tafelgenote. Dit was eenvoudig net te veel gevra. Lukas 14:15 beskryf 'n poging van 'n tafelgenoot om die sosiale eer van die gasheer en ander tafelgenote in ere te herstel. Die gasheer het immers die reg om te nooi wie hy wil. Jesus loop hierdie poging trompop. Die gelykenis (groot banketete) beklemtoon die kontras tussen die vrome woorde en daadwerklike daede en optrede.

Met die oorgang na die spesifieke gedeelte oor die koste van dissipelskap is alreeds merktekens van dissipelskap deurgegee. Dissipels is mense wat verstaan wat hulle ontvang het en daarom binne die reëls van dankbaarheid wil en behoort terug te gee. Hierdie proses van teruggee is egter 'n teruggee met sosiale pyn. Dit vra 'n radikale herstrukturering van verhoudinge op basis van my nuwe identiteit. Ek moet bereid wees om buite sosiale norme en strukture op te tree volgens die nuwe huisgesin se riglyne. Hierdie bereidwilligheid beteken egter niks as daar nie daadwerklike aksie is nie (let op die getal werkwoorde wat in 14:21-24 opgestapel word).

Wanneer Lukas 14:25 aanbreek, is die tafel gedek vir aksie. Ten spyte van die verwysing na die groot skare wat saamgeloop het, is dit vir die leser reeds duidelik dat 'n klomp nie die voorafgaande toets sal slaag nie. Hulle dissipelskap is dus op die spel. Jesus se eerste woorde dryf sake op die spits: nie alleen is jou bande met kollegas en familie en vriende in die spervuur nie. Jou naaste en mees persoonlike huisgesin-verhoudings is ook op die altaar.

In 'n Semitiese hiperbool sê Jesus onomwonde dat jy bereid moet wees om jou eie huismense vaarwel toe te roep – letterlike te haat – ter wille van jou nuwe status. Dit maak alleen sin teen die agtergrond van die herdefiniëring van die familiebande. Natuurlik het Jesus nie letterlik bedoel “haat hulle” nie. Die punt is dat dissipelskap 'n saak van alles of niks is. Daar is nie halfhartige dissipels nie. Hiermee is die radikaliteit van dissipelskap vierkantig in die oog.

Die gedagte van 'n breuk tussen huismense ter wille van die navoring van Jesus is egter nie 'n nuwe of vreemde saak in die evangelie nie. In Jesus se eie lewe het dit uitdrukking gevind in sy uitspraak in Lukas 8:19-21. Wat die lewe van sy volgelinge betref, het Jesus ook vroeër al melding gemaak van die prys van navoring. In Lukas 12:51-53 het Jesus die andersoortigheid van sy bediening aangekondig toe Hy na die verdeling wat Hy sou inisieer, verwys het. In wat aan die teks van Lukas

14:25-33 herinner het Jesus genoem dat Hy onderlinge verdeeldheid tussen lede van 'n huishouding sou bring. Hoekom? Omdat sommige die koste van navolging sou aanvaar en ander nie.

Verliese op die vlak van familie en vriende is blykbaar 'n gegewe. Vir dié wat besorg is oor die verliese wat hulle sal lei, word in Lukas 18:29-30 die belofte gegee dat hulle veel meer sal ontvang in die toekoms as waarvan hulle nou en hier moet afstand doen. Laasgenoemde herinner aan die verhaal van Job wat aan die einde baie meer teruggekry het as wat hy verloor het (Job 1:13-22; 42:10-17).

2. Kruisdra en kosteberekening

Hierdie hele proses van herdefiniëring is ten diepste selfverloëning en word opsommend as kruisdra beskryf. Terwyl Matteus en Markus werk met die konsep van 'n kruis wat opgeneem moet word, skets Lukas eerder deurgaans 'n prentjie dat die kruis reeds gedra word en die dissipel daarmee enduit moet volhou. Dissipelskap is dus nie iets wat sommer op die ingewing van die oomblik volg nie. Dit is veelseggend om hier die enigste verwysing na die konsep “kosteberekening” in die Nuwe Testament te kry.

Die verwagting om jou heel naaste verhoudinge op te gee (of ten minste bereid te wees om dit te doen), word as ultimatum gestel vir dissipelskap. Verder is die ongeskrewe fyn skrif die vestiging en uitbou van nuwe sosiale netwerke en verhoudinge met voormalige vreemdes – die ander huisgenote van God se huisgesin. Meer nog: dit is 'n bereidwilligheid om jou reg op versorging (deur jou eie mense) in te ruil vir die afhanklikheid van die gasvryheid van vreemdelinge!

Wat vir ons Westerse ore radikaal klink, was vir die mense van die eerste eeu sosiale selfmoord. Jou hele identiteit was immers gebou op en verweef met jou eie mense. Dit is nie jou *persona* wat identiteit bepaal het nie, maar jou familieherkoms. Nou sê Jesus dissipels moet familieherkoms, as basis van identiteit, aflê ter wille van ware dissipelskap en die nuwe verhoudinge. Die finale spyker word ingedryf met die gebruik van die twee kort gelykenisse oor die toringbouery en oorlog.

'n Stukkie agtergrond om die relevansie te verstaan. Die enkel grootste bouprojek in Jesus se dag was die tempel in Jerusalem. Herodes die Grote het daarmee begin terwyl sy seuns en erfgename daarmee voortgegaan het. Wat was die sin daarvan? Trouens, in Lukas 13:35 het Jesus 'n versluiserde waarskuwing daarvoor uitgespreek. Die mense was egter vasbeslote om dit te doen. Die tweede gelykenis rondom oorlog hang hiermee saam. Voor Jesus se geboorte, terwyl Hy op aarde was en daarna, het sy volksgenote telkens planne beraam (en probeer uitvoer) om opstand teen die Romeine te inisier. Trouens, in Jesus se kinderdae (ongeveer 6 nC) het 'n groot opstand uitbreek oor die betaling van belasting aan Rome. Die uiteindelijke oorlog met Rome in die laaste jare van die sestiger jare van die eerste eeu was bloot die einde van dekades van opstande en skermutselinge. Weer eens die behepthed van die volk met 'n oorlog teen die Romeine waarvan hulle waarskynlik nie die koste bereken het nie!

Die eerste hoorders van Lukas sou waarskynlik presies verstaan het hoe 'n behepthed met 'n saak jou ondergang kan beteken. Selfs die mees eerbare saak moet daarom in die lig van dissipelskap heroorweeg word. Die slotsom oor dissipelskap onderstreep daarmee die saak wat vroeër net in die verbygaan genoem is oor 'n bereidwilligheid om prys te gee en te verloor wat kosbaar en dierbaar is. Hierdeur word die oproep tot kosteberekening uitgebrei van 'n blote oproep om jou ouers, vrou, kinders en broers te haat tot 'n herinnering dat dissipelskap eis dat jy bereid moet wees om alles prys te gee – ook die sake en belange op ander vlakke wat jou dryf en motiveer.

Preekvoorstel

Dirkie Smit verwys in *Woord teen die Lig II/2* na die opspraakwekkende woorde van Søren Kierkegaard oor dissipelskap in sy vaderland. Volgens Kierkegaard het die kwaliteit daarvan 'n laagtepunt bereik. Die beste uitweg sou wees om elke Nuwe Testament (Bybel) aan God te terug te gee en soos die mense van Gadara Christus te versoek om maar liever weg te gaan. Die rede vir die laagtepunt volgens Kierkegaard is die feit dat die kern van dissipelskap se eis tot selfverloëning ingeruil is vir 'n gemaklike wêreldse welsyn en sagmoedige gematigdheid.

Teenoor die louheid wat Kierkegaard beskryf, bereik die Jesus se woorde ons ore. Die saak het twee pole: dit is óf die een óf die ander. Die potensiaal is altyd daar dat 'n luisteraar soos die ryk jongman bedroef die aftog sal blaas wanneer hy of sy besef daar is iets wat ek meer lief het as die Christus.

Soos in die geval van die ryk jongman is die kern van dissipelskap nie wat nog verkry of gedoen moet word om volgeling van Christus te wees nie, maar eerder wat ek bereid moet wees om prys te gee om ware dissipel te wees. Dit is vir die prediking (en gemeentebediening) deurslaggewend. Dissipelskap is nie nog 'n kursus, naweekseminaar, Bybelskool of selfs uitreik nie. Dit is eerder 'n bereidheid om gestroop te word en tot aksie oor te gaan.

Jesus se oproep om die koste te bereken behels daarom in 'n sin die wysiging van die bekende woorde van Bonhoeffer oor navolging (“wanneer Jesus ons roep, roep Hy ons om vir Hom te sterf” – eie parafrase). Miskien kan ons dit eerder saamvat deur te sê: “Wanneer Jesus ons roep, roep Hy ons om vir Hom te lewe – al sou dit 'n konstante kruisdra beteken.”

Terwyl die skares saamgeloop het, was daar uiteindelik net 'n handjievol wat Hom gevolg het. Dit laat mens dink aan die nasionale sensus waarvolgens 70% plus mense aandui dat hulle Christene is. Wanneer jy egter die nuusblaai deurblaai en alles sien van misdaad tot uitbuiting en die mishandeling van die alreeds verwaarloosde, kom daar 'n skokkende besef: nie alle Christene is dissipels nie. Alhoewel alle dissipels Christene is, kan die stelling nie omgedraai word nie.

In 'n neutedop: dissipelskap is die bereidwilligheid om getransformeer te word. Jou wêreld word uit bekende bane geruk en op 'n nuwe baan geplaas. Die logika is

eerstens dat elke potensieële dissipel opgeroep word om die koste te bereken van die inruil van bestaande netwerke en verhoudinge ter wille van die evangelie, en nuwe verantwoordelikheid op te neem in verhoudings. Dit kry besondere betekenis in voorstede en gemeentes waar pogings om uit te reik maklik begroet word met “charity begins at home”, en daarmee van die tafel gevee word. Jesus se radikale eis van navolging in Lukas 14 is dat as dié “home” jou terughou om Hom voluit te volg, jy daarmee moet breek.

Tong in die kies sal dit heerlik wees om van sekere familieledede afskeid te neem. Mens kies immers jou vriende, maar jou familie kry jy teen wil en dank. Die glimlag verdwyn egter vinnig as jy besef die saak het ’n skerp kant waar jy dalk jou huis, jou vaderland, jou werkplek, jou weeklikse braaivriende (noem maar op), moet groet ter wille van ’n groter roeping tot navolging.

Die eis van dissipelskap word op die spits gedryf deur die twee kort gelykenisse. Die vraag word uitgebrei van “waarmee moet ek breek” tot “van watter ononderhandelbare moet ek van afsien?” Baie makliker gesê as gedoen. Die prediker word uitgenooi om ’n persoonlike lysie te maak van ononderhandelbares (wees kreatief en prakties) as deel van die voorbereiding. Ons het almal die dinge wat ons moet hê; dit wat ons glo ons op geregtig is. Moontlik sulke hoë sake soos regverdigheid, billikheid, gelykheid voor die hof of selfs net in die oë van ander mense. Lukas 14 laat dit egter blyk dat dissipelskap en navolging daarop ook beslag lê.

Ons het almal ononderhandelbares. Vir sommige draai dit rondom “wat ek ry, waar ek bly en hoeveel ek elke maand kry”. Of dalk die gerief van my tegnologiese speelgoed of gereelde vakansies oorsee. Sommige sal sê die taal wat hulle praat, ’n kerk in my moedertaal of dalk ’n veilige leefruimte saam met mense van my eie kultuur of ’n woonplek waar ek nie die heelyd oor my familie se veiligheid moet bekommer nie. En wat daarvan as die eis van dissipelskap is om daardie ononderhandelbares prys te gee ter wille van die navolging van Jesus Christus?

In ons dag word finansiële welvaart nagejaag. In die proses word mense dikwels minagtend uitgebuit terwyl ander hulleself skandelik verryk. Die gevolg is dat talle mense soveel materiële welvaart het dat hulle daarmee verveeld raak, terwyl talle meer mense nie weet waar vanaand se kos vandaan gaan kom nie. As jy deel is van ’n besigheid wat op so ’n manier geld maak, sal jy jou losmaak daarvan of sal die gerief van die hoë lewenstyl jou laat rasionaliseer oor morele en etiese onreg? Lukas 14 se eis tot navolging bied ’n duidelike antwoord.

Die eis van dissipelskap is ook om te identifiseer met die nood en behoeftes van ons ander broers en susters oor die grense van sosiale klasse, kleure, politieke partye en selfs nasionale grense. As die nood van vlugtelinge in die Middellandse See of aardbewing iewers in die wêreld rugbaar word, raak dit my want ek besef dit is bestaande of moontlike familie wat swaar kry.

Wanneer ek lees van die lyding van mense in ’n verafgeleë gebied of ’n township net ’n paar kilometer hiervandaan gryp dit my aan die hart, want dit is dalk familieledede wat ly. Wanneer ek sien hoe gierigheid en

die uitbuiting van natuurlike hulpbronne aan die orde van die dag is, staan ek daarteen op al beteken dit dat ek my vervreem van vriende en besigheidsnetwerke. Want sien, dissipelskap eis ’n nuwe etiek en optrede.

Iets meer oor etiek van navolging. Dissipelskap skep uiteindelik ’n nuwe lewensruimte waarbinne ons lewe. Wanneer genoeg dissipels bymekaar is, kom ’n nuwe lewenswêreld tot stand wat teen die status quo opstoot en uiteindelik ’n wêreldverandering bring. Dit is sake wat nie ligtelik oorweeg kan word nie. Die prys is ontsettend hoog. Hiervoor daag daar ook skares op (soos in Luk 14) by geestelike kampe, maar helaas as die laaste 4x4-voertuig Sondag die langpad huis toe vat, word die volgelingskap by die kamp gelaat. Ware volgelingskap eis dat ek Maandag met die Sondagoortuiging by my werk instap. Dit vra dat as ek die rigting van die besigheid hoegenaamd kan beïnvloed ek dit doen – al val my persoonlike gewildheid tot op nul.

Wat is die groot probleem? Dalk kan ’n klomp van die relevante eise saamgevat word deur te verwys na die verbruikerskultuur waarbinne ons leef. Alles word in terme van hulle verbruiksware beoordeel: produkte, geleenthede en selfs mense. Ware navolgers van Jesus kom egter hierteenoor in opstand. Teenoor die gees van die dag word die wêreld in ’n sin op sy kop gedraai. Die geringstes kry hoë belangrikheid en baie sorg.

Om dissipel te wees beteken na alles om agter iemand aan te stap; prys gee en koste. Iemand wat rigting aandui, iemand aan wie ek my volledig toevertrou. Dit behoort hieruit reeds te wees dat tussen dissipel en dissipline net ’n fyn lyn loop. As navolgers weet ons Jesus is die Iemand wat ons volg. Daarom, soos wat Hy lei, sal ons volg! Ons kan almal aan iemand dink wat binne die kategorie van ware dissipel inpas: St Francis van Assisi of dalk Moeder Theresa. Maar wat van jou en my?

Liturgiese en projekgedagte

Die Seisoen van Skepping en ’n seisoensverandering aan die begin van Septembermaand bied die wonderlike geleentheid om te besin oor maniere om ons dissipelskap af te stof. ’n Ritueel van verbintenis/hertoewyding kan hiervoor baie sinvol ingespan word.

Die geleentheid kan ook gebruik word om ’n ekologiese projek van stapel te stuur: die skoonmaak van ’n nabygeleë park/rivier/woonbuurt. Om laasgenoemde saam met ’n kerk in ’n ander deel van die dorp/stad aan te pak sal ’n boodskap van dissipelskap uitsaai, kragtiger as ’n honderd goeie voornemens.

Bibliografie

Smit, D J. *Woord teen die Lig, II/2, Riglyne vir prediking oor die gelykenisse en wonderverhale*; Wright, N T. *Luke for Everyone*; Pilch, J J. *The cultural world of Jesus*; Esler, P F. *Community and gospel in Luke-Acts. The social and political motivations of Lucan theology*; Yoder, J H. *Discipleship as political responsibility*; Nolland, J. *Luke*. Word Biblical Commentary, Vol. 35B; Bock, D L. *Baker Exegetical Commentary on the New Testament, Luke 9.51-24.53*.

11 SEPTEMBER 2016

SEWENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD :



SKEPPING – 2

LITURGIESE VOORSTEL

Leesroostertekste

Sleuteltekste: 1 Timoteus 1:12-17

Ander tekste: Jeremia 4:11-12, 22-28; Psalm 14;
Lukas 15:1-10

God versamel ons voor Hom

Danksegging

Gebruik Psalm 104 as danksegging (sien Basisliturgie).

Doopherinnering

Gebruik Jesaja 58:11 as doopherinnering. Die vervulling van hierdie belofte word aan ons in die doop bedien en toegesê.

Diens van die Woord

Gebed

Voorganger: Die hemelruim verkondig die eer van God en die hemelkoepel maak die werk van sy hande bekend.

Gemeente: Dankie dat U met ons praat, Here.

Voorganger: Die wet van die Here is volmaak, dit gee lewenskrag; die bepalings van die Here is betroubaar, dit gee wysheid aan die eenvoudige.

Gemeente: Dankie dat U met ons praat, Here.

Voorganger: Die opdragte van die Here is reg, dit maak die hart bly.

Gemeente: Ons sal luister, Here (uit Ps 19).

Musiek en sang

Gebruik dieselfde liedere by al vier Sondae in die Seisoen van die Skepping. Herhaling is soms goed en nodig vir fokus en aandag. In die Basisliturgie word twee plekke aangedui vir sang, naamlik na die preek en by die uitsending.

Na die preek: Hierdie liedere dien as reaksie op die Woord, skuldbelydenis of voorbereiding tot die nagmaal.

Lied 464; 246 of 257; 253;

NSG 8, 233 of 234, 370

Uitsending: Lied 464; NSG 29

Offergawes: Lied 457 en NSG 23

Inleiding

Jeremia 4 se oordeel oor die sonde van God se volk het uiters slegte gevolge vir die natuur. Lukas 15 help ons om in te sien dat God nie eintlik 'n God is wat van oordeel hou nie. God soek eerder wat weggeraak het.

1 Timoteus 1:12-17 is die persoonlike getuigenis van iemand wat uitgevind het dat God in God se huishouding met genade werk. Daarom is daar altyd hoop op herstel.

Diens van die tafel

Doen moeite om stil te staan by die betekenis en rol wat brood en drank in ons lewe speel as noodsaak om te lewe en hoe God dit tot boodskappers maak.

In die nagmaal gebruik God nie net brood en wyn/druiwesap om ons te help om nuut na God te kyk nie, maar God gebruik ook die nagmaal om ons te help om nuut na kos en drank (die natuur) te kyk.

Die volgende gebed van Wilhelm Jordaan verwoord die intieme verband tussen die skepping en die nagmaalstafel, nagmaal en ontbyt – die erediens en die lewe:

In drome vol van ang
bedien my Heer my
'n klein sakrament
uit sy hand
breek die maan
wit wolke oop
tot sagte nagmaalbrood.
En môre by ontbyt
sit ek aan die tafel.
Sny ek uit die bakkersbrood
die nag se droom weer oop.
O Vlees van die Woord
voed my in hierdie môre
met u hemelgraan
dat iets van nagmaal
in my dag bestaan.

Uitsending

Sien die Basisliturgie

PREEKSTUDIE – 1 TIMOTEUS 1:12-17

Inleiding

Die leesroostertekste vir die sewentiende Sondag in Koninkrykstyding konfronteer die leser met die sondigheid van die mens en die gepaardgaande verlossingsinisiatief van God. Só beskryf die profeet Jeremia God se oordeel oor Israel en beskuldig die God van Jeremia Israel van dwaasheid, naïwiteit en boosheid (Jer 4:11-12, 22-28). Só beskryf die psalmdigter 'n God wat op soek is na regverdige mense op aarde, maar nie een mens kan vind wat goed doen nie (Ps 14). Só beskryf die Lukasevangelie Jesus as die een wat sondaars en tollenaars verwelkom en in wie se gelykenisse God die inisiatief neem om sondaars op te soek en te verlos (Luk 15:1-10).

Hierdie tema (die sondigheid van die mens en die verlossingsinisiatief van God) kom ook ter sprake in Paulus se eerste brief aan Timoteus. 1 Timoteus 1:12-17 hou Paulus voor as voorbeeld van verlossing deur genade, en wil die skrywer daardeur nie alleen vir Timoteus nie, maar ook vir alle lesers van die brief bemoedig met die belydenis dat Christus Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te verlos. Dit is 'n belangrike fokuspunt, nie alleenlik binne Koninkrykstyding (wanneer die werk van die kerk in die wêreld, in die kragveld van die Gees, ter sprake is) nie, maar spesifiek ook binne die Seisoen van die Skepping.

Teks

1 Timoteus is die langste van die pastorale briewe (Dewey; Keck) en word, afhangend van of Pauliniese outeurskap van hierdie briewe aanvaar word of nie, gedateer óf in die middel-60's van die eerste eeu (Groenewald; Keck), óf in die vroeë tweede eeu (Dewey; Keck). Sommige kommentare verdedig Pauliniese outeurskap van dié briewe (Groenewald; Andria), terwyl ander kommentare (vanaf Friedrich Schleiermacher [Groenewald]) Pauliniese outeurskap verwerp en die briewe toeskryf aan latere skrywers wat in die naam van Paulus sou skryf (Dewey; Keck; sien Mounce se bespreking van verskillende gesaghebbende hipoteses in die verband). Daar is wel sterk ooreenkomste in taalgebruik tussen hierdie briewe en die vroeë kerkvaders waaronder Klemens van Rome, Polikarpus van Smirna, Justinus die Martelaar, Theofilus en Irenaeus van Lyons, te bespeur (Groenewald).

1 Timoteus 1 vertoon 'n drievoudige struktuur: (i) Paulus skets die basiese kontoere van die leerdwaling waarmee die gemeente in Efese gekonfronteer word en gee (in die lig hiervan) aan Timoteus opdrag om die betrokke dwaalleraars teen te staan (3-11); (ii) Paulus weerlê die betrokke leerdwaling (12-17), en; (iii) Paulus herinner Timoteus aan sy roeping en bemoedig hom in die geloof (18-20). Sommige kommentare beskou vers 12-17 as 'n afwyking van die oorspronklike fokus van die brief (Mounce). Ander kommentare meen egter weer dat hierdie perikoop aan die hart van die argument van die brief staan en dat Paulus se persoonlike getuienis van

God se genade 'n belangrike kontras met die dwaalleraars se fokus op verlossing deur werke (spesifiek deur die gehoorsaamheid aan 'n stel wette) vorm (Mounce).

Ook 1 Timoteus 1:12-17 vertoon 'n drievoudige struktuur: (i) Paulus bedank God vir wat God gedoen het (12-14); (ii) Paulus verduidelik God se doel met Paulus se verlossing (15 en 16), en; (iii) Paulus rig 'n loflied tot God (17) (Mounce). Die ware aard van die evangelie, wat die goeie nuus van die verlossing deur God se genade verkondig, vorm die hooffokus van dié teksgedeelte (Mounce). Hierdie hooffokus word op twee maniere gedien, naamlik deur 'n skets van sonde en wat verlossing “nie” is nie (13, 16)¹ en deur die herhaaldelike belydenis dat daar aan Paulus barmhartigheid bewys is, en wat verlossing dus “wel” behels (13 en 16) (sien Mounce). Tog word die verlossing deur genade nie alleenlik die inhoudelike spilpunt van die perikoop nie, maar word dit ook deur middel van 'n stel literêre tegnieke die letterlike spilpunt van die perikoop² (sien Mounce).

Hierdie fokuspunt word verder beklemtoon deur die formule “dit is 'n betroubare woord” wat dit vooraf gaan (15). Dit kom vyf maal in die pastorale briewe voor (ook in 1 Tim 3:1; 4:9; 2 Tim 2:11, en; Titus 3:8), maar nêrens anders in die Griekse Bybel of Joodse literatuur nie (Mounce; Keck). Die tema van al vyf hierdie formules is verlossing (Mounce). Hierdie gesegde bekragtigt in 1 Timoteus 1:15-6 die belydenis dat Jesus Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red (Mounce). Vers 15 vorm dus in vele opsigte die spilpunt van die teksgedeelte, en gee uitdrukking aan die hart van die pastorale briewe in geheel: die evangelie van Jesus Christus, wat die goeie nuus verkondig dat sondaars deur God se genade verlos is (Mounce).

Genade (*charis*, in vers 12 en 14 van die sleutelteks) hervat die beskrywing van God se verlossingswerk in Christus in een woord of konsep. Dit plaas die klem op

¹ Hierin is die gebruik van die Griekse woord *allā* (“maar”) in beide gevalle 'n uitstekende aanduiding van 'n teenstelling wat volg, deurdat dit telkens (in beide 13 én 16) ingespan word om God se verlossende genade met Paulus se sondige toestand te kontrasteer (Mounce).

² Een voorbeeld van so 'n literêre tegniek wat ingespan word in hierdie perikoop is die gebruikmaking van *inclusio*, wat die struktuur van die teksgedeelte as 'n reeks konsentriese sirkels met 'n sentrale kern of middelpunt skets. Kommentare wys daarop dat hierdie teksgedeelte begin met danksegging aan God (12) en eindig met lofprysing aan God (17), wat 'n buitekring, of derde sirkel vorm; dat daar in 'n volgende rondte gefokus word op die barmhartigheid wat aan Paulus bewys is (13 en 16), wat 'n middelste band of tweede sirkel vorm; en dat die genade van God (14 en 15) daarmee sentraal geplaas is, om die kern of hart van die teksgedeelte te vorm. Sien William Mounce se uitstekende uitleg van literêre tegnieke in dié verband.

die vrye guns of gawe van verlossing aan onverdienstelike sondaars (Mounce). Dié woord is ’n gunsteling van Paulus (bykans 100 keer in Paulus se briewe en 13 keer in die pastorale Briewe) (Mounce). Dit is Paulus wat die woord as term in die Christelike woordeskat vestig (Keck). Dit word saam met die werkwoord “verlos” (*sosia*) (14) gebruik as die sleutelterm vir verlossing in die pastorale briewe (Keck). Die gebruik van die twee terme (*charis* en *sosia*) saam, in vers 14 en 15, fokus die leser se aandag op die omvang, diepte en reikwydte van God se verlossingsgenade. Juis hierdie vers sou die titel van die Engelse skrywer John Bunyan (bekend vir sy *The Pilgrim’s Progress*) se geestelike outobiografie, *Grace Abounding to the Chief of Sinners* (1666), wees (Mounce).

Die punt wat Paulus in hierdie teksgedeelte (reeds van 8 af) wil maak, is dat sy eie verlossing en daarmee saam elke mens se verlossing, nie verdien kan word nie, maar die gevolg is van God se genade (teenoor die veronderstelde opponente se klem op verlossing deur die wet) (Mounce). Deur sy eie verhaal ter sprake te bring en homself as die vernaamste van sondaars te beskryf, beklemtoon Paulus die genadekarakter van God se verlossing (Mounce). Paulus se persoonlike getuienis vorm as ’t ware die basis van sy argument dat God sondaars deur genade verlos (Mounce). Die doel van vers 8-17 is dus om die opponente se fokus op die wet en verdienstelike werke te skets, in kontras met God se verlossing deur genade alleen (Mounce). God se genade is genoegsaam vir Paulus se verlossing en daarom ook vir Timoteus se bediening binne daardie moeilike konteks (Mounce). Die doel met Paulus se retoriek in vers 12-17 is veral om uit te wys dat verlossing nie verdien kan word nie maar ’n geskenk is uit God se genade, wat slegs ontvang kan word (Mounce).

Konteks

Paulus se twee briewe aan Timoteus en een aan Titus is die sogenaamde pastorale briewe, nie omdat dit ’n pastorale teologie uitwerk nie (Groenewald), maar omdat hierdie briewe te make het met die lewe en organisering van die vroeë kerk (Andria). Hierdie briewe is uniek binne die korpus van die Pauliniese briewe, omdat hulle aan medewerkers van Paulus (nie aan gemeentes nie) gerig is (Groenewald). So word Timoteus en Titus in hierdie briewe as Paulus se verteenwoordigers in Efese en Kreta onderskeidelik uitgebeeld (Keck). Timoteus sou volgens oorlewering die eerste biskop van Efese wees (Groenewald). Tog is hierdie briewe “ook bedoel vir die kerk in die algemeen” en daarom nie beperk tot enkelinge nie (Groenewald). So is die eerste brief wat aan Timoteus gerig is nie alleen met Timoteus ingedagte geskryf nie, maar mik die brief op die Christelike geloofsgemeenskap in Efese, met haar Hellenistiese kultuur en die spesifieke leerdwalinge wat daardie kerk op daardie stadium moes hanteer (Andria; Mounce).

Tog is die presiese aard en omvang van die leerdwalinge waarna die briewe aan Timoteus verwys nie duidelik nie (Keck). Die opponente na wie in hierdie brief verwys word, word egter ook nie duidelik beskryf nie (Dewey),

al word daar ook spesifiek na twee persone (Himenéüs en Alexander) en die spesifieke oortreding van lastering verwys (1 Tim 1:20). Daar is wel aanduidings in 1 Timoteus van wat hierdie leerdwalinge moontlik sou kon behels: ’n verbod op die huwelik en ’n weerhouding van sekere kossoorte (1 Tim 4:3); die oortuiging dat die opstanding reeds plaasgevind het (2 Tim 2:18); die klem op kennis (*gnōsis*) (1 Tim 6:20) en; die verwysing na wetgeleerdes (1 Tim 1:7), Joodse mites (1 Tim 1:4, 4:7) en Joodse genealogieë (1 Tim 1:4) (Keck). Dit kan moontlik dui op (i) ’n vroeë vorm van Gnostisisme (Keck; Dewey); (ii) ’n sektariese Joodse drukgroep (Keck; Andria), of; (iii) dalk selfs ’n kombinasie van Gnostiese/Hellenistiese en Joodse elemente (Keck; sien die uitstekende bespreking van Efese se leerdwaling in Mounce).

Dit is egter duidelik dat die betrokke leerdwaling in Efese, ongeag van die spesifieke elemente daarvan, ’n ander evangelie verkondig het as wat Paulus verkondig het in stryd met Paulus se verlossingservaring (Mounce). Daarom vorm die sleuteltekste (1 Tim 1:12-17) ’n integrale deel van Paulus se reaksie op die situasie in die gemeente in Efese (Mounce). Aan die hart van die leerstryd in Efese was dus hulle verlossingsverstaan. Die Griekse woord vir verlosser (*sōtēr*) word gereeld in die pastorale briewe ingespan; soms om na Christus te verwys, en soms na God (Mounce). Daar was waarskynlik twee betekenismoontlikhede wat verlossing vir die gemeente in Efese gehad het en wat Paulus moes verreken in sy teologiese verduideliking van wat verlossing is en behels. Aan die een kant was verlossing nie ’n eksklusief Christelike konsep nie. Dit kon na ’n verskeidenheid mense verwys; insluitend dokters, filosowe, politici, gode en die Romeinse keiser (Mounce). Spesifiek die keiser is dikwels beskou en uitgebeeld as die verlosser van die mensdom (Mounce). Aan die ander kant is verlossing as eksklusief en sektaries uitgebeeld, naamlik as die resultaat van gehoorsaamheid aan ’n reeks Ou-Testamentiese wette en die aanhang van ’n reeks mites (Mounce). Paulus wys daarop, in teenstelling met albei hierdie verlossingsbeskouinge, dat verlossing deur die genade van God in Jesus Christus aan sondaars – wat dit nie verdien nie – geskenk word (Mounce).

Preekvoorstel

’n Preek sou op ’n verskeidenheid temas wat ter sprake is in hierdie perikoop kon fokus, hoewel die versoeking – ongeag van die betrokke tema – mag ontstaan om die teksgedeelte individualisties of dalk selfs moraliseer te interpreteer en aan te wend.³ Die verhalende karakter van

³ Een gevaarkant aan so ’n interpretasie lê in die taalgebruik en skryfstyl van die eerste brief aan Timoteus self, waarin die metafoor van die huishouding van God ingespan word om sin te maak van die reeks huishoudelike kodes wat daarin uitgewerk en uiteengesit word vir die gemeente in Efese. Vroueteoloë is egter krities oor hierdie metafoor en argumenteer die verstaan van ’n gemeente as ’n huishouding verwoestende implikasies in terme van magsverhoudinge het (Dewey). Eerstens is die (uitsluitlik) manlike hoof van die

Paulus se argument oor verlossing moet nie verwar word met 'n individualistiese of moralistiese verlossings-verstaan nie. Die gebruik van werklike voorbeelde en persoonlike ervarings staan in die tradisie van die psalmskrywers, profete en wysgere wat stories oor God se verlossingswerk in die geskiedenis sou vertel (Keck). Net soos die woorde en dade vanuit Jesus se eie bediening telkens (en verskillend) oorvertel is (soos dit in diversiteit van evangelieverhale tot uitdrukking kom), só het Paulus se bekering op die pad na Damaskus ook besondere betekenis begin aanneem vir die vroeë Christelike gemeentes (Keck).

Met dit ingedagte is die uitdaging tog om die teksgedeelte binne die Seisoen van die Skepping te laat geld en erns te maak met moontlike implikasies vir hoe gelowiges (individueel) en die gemeenskap van gelowiges (kollektief) oor die skepping dink. Dit is duidelik dat 1 Timoteus 1:12-17 'n spesifieke verstaan van verlossing wil propageer (sommige kommentatore sou selfs aanvoer dat vers 15, wat aan die hart van hierdie teksgedeelte staan, as 'n kort formule vir (NT soteriologie) kon dien (Malherbe). Daarom kan 'n preek oor hierdie gedeelte, wat die Seisoen van die Skepping ernstig neem, op die uitbeelding van verlossing in 1 Timoteus 1:12-17 fokus.

Eerstens word verlossing uitgebeeld as inisiatief van God, wat onverdiend en ongevraagd geskenk word aan sondaars (13 en 16). Die God wat teenoor Paulus, die vernaamste van sondaars, genade betoon, is die God wat midde-in situasies van gebrokenheid, lyding, swaarkry (ook in die natuur, in natuurrampe, in droogtes en aardbewings, tsunami's en bedreigde spesies wat uitsterf) ook aan geskape wesens genade betoon. Hierin ontmoet ons die "versorgende God" (Conradie, 2006), wat na ons en na die skepping uitreik in liefdevolle genade. Christus Jesus wat in die wêreld kom om te red en om barmhartigheid te bewys, wys heen na God wat betrokke raak by die worstelinge, sonde, ellende van geskape wesens. Moontlik sou hierdie versorgende genade van God selfs gekontrasteer kon word met die sondige, genadelose verbruikerskultuur wat die ekologie uitbuit vir eie gewin (sien Ernst Conradie se boek *Uitverkoop?* 2009, in dié verband).

huishouding beskou as die eienaar en meester oor vroue, kinders, en slawe in die huishouding (Dewey). Tweedens is mense in bepaalde groepe – volgens ouderdom, gender en status – ingedeel en is vervolgens sekere optredes aan elke groep voorgeskryf (Dewey). Dertens is daar van mense in 'n mindere magsverhouding (dus, alle mense wat nie vry mans was nie) verwag om gehoorsaam, onderdanig en dikwels stil te wees binne die gemeente (Dewey). Dit, skryf Joanna Dewey, beeld die huishouding van God as 'n patriargale huishouding uit waarin mans in magsverhouding staan en almal anders – vroue, kinders, slawe – bepaalde vasgestelde mindere rolle het binne die huishouding (Dewey). Dit is moeilik versoenbaar met Paulus se fokus op verlossing as die produk van God se genade wat aan alle mense, selfs die vernaamste van sondaars, geskenk is.

Tweedens word verlossing beskryf as Christus se koms "in die wêreld" (15). In Christus kom verlossing "na" die wêreld en deur Christus kom die verlossende God "in" die wêreld. God tree toe tot die skepping en die kosmos, en bewerk verlossing nie "buite" om die natuur of omgewing of ekologie nie, maar "binne-in" ook hierdie geskape werklikheid. Vir sommiges is daar 'n spanning tussen skepping – "dit wat aards, liggaamlik en tydelik is" – en verlossing, juis omdat verlossing soms gelyk gestel word aan 'n vlug "weg van" die aardse, liggaamlike, tydelike en 'n vlug "na" die geestelike, spirituele, hemelse (Conradie, 2006). Verlossing is ten nouste gekoppel aan Christus se koms in die wêreld. God is betrokke "in" die skepping deur die werking van God se Gees (Moltmann). Daarom staan verlossing nie los van die aarde, lewende wesens, die ekologie nie.

Dertens word verlossing geskets in terme van 'n bepaalde soort visie en 'n bepaalde soort toekoms, oftewel die ewige lewe (*zōēn aiōvion*) (v 16). In die pastorale briewe is "lewe" meer as bloot fisiese bestaan. Dit behels 'n oorvloedige lewe volgens die bedoelinge van God en deur die werk van Christus wat dit moontlik maak (Mounce). Hierdie lewe is die ware lewe, die lewe in volheid, 'n bepaalde kwaliteit lewe, wat veel meer as eenvoudige bestaan is. Die ewige lewe is die deelhê aan lewe in die eindtyd (eskaton), aan die eskatologiese lewe, aan 'n gans andere tipe lewe (Mounce). Verlossing is dus nie net die deelhê aan so 'n soort lewe nie, maar ook die uitbeelding en uitleef van die tipe lewe wat verlossing moontlik maak; 'n lewe waarin geskape wesens kan floreer, bloei, gedy.

Dit is duidelik dat 1 Timoteus 1:12–17 die lesers in 'n bepaalde rigting wil beweeg en deur 'n bepaalde stel retoriese skuiwe en kernkonsepte die hoorders daarvan wil beïnvloed om anders oor verlossing te dink. Een van die tegnieke wat die skrywer gebruik, is die persoonlike Pauliniese getuienis. In 'n fokus op die skepping, as deel van die Seisoen van die Skepping, kan en behoort hierdie verhalende karakter van 1 Timoteus 1:12-17 verreken (te) word. Ernst Conradie beskryf: "[d]ie verhaal van wat God doen en in die geskiedenis gedoen het" as "'n bekende verhaal, 'n grootse verhaal, 'n tragiese verhaal, 'n roerende verhaal, 'n mooi verhaal'" (2006:178-179). Die Christelike verlossingsverhaal laat ons nie toe om onbetrokke daarby en onaangeraak daardeur daarvan weg te beweeg nie omdat ons "binne en vanuit hierdie verhaal [leef]" (Conradie, 2006:178). Dit is daarom 'n verhaal wat ook vertel kan en moet word met spesifieke inagneming van die aarde in hierdie verhaal (Conradie, 2006). Moontlik sou die (persoonlike) verhale van persone soos die Kenyaanse eko-heldin Wangaari Maathai en die Rooms-Katolieke heilige vir die ekologie, Sint Fransiscus van Assisi, kon bydra tot die voortsetting van persoonlike getuienisse oor God se verlossingsgenade soos dié van Paulus in 1 Timoteus 1, wat gemik is op die ekologie, lewende wesens, die aarde.

Slot

In 1 Timoteus – soos trouens in al drie pastorale briewe – is dit God wat verlossing bewerk, God wat besorgd is oor die verlossing van alle mense, en God wat God se

verlossingsgenade in Christus openbaar (Malherbe). Verlossing berus op God se genade, nie op menslike dae nie (Malherbe), en word geskenk uit vrye guns alleen (Jonker). Hierdie klem slaan op die klassieke teologiese debat, wat opnuut opslae sou veroorsaak tydens die Reformasie, oor die verhouding tussen regverdiging en heiligmaking. Hoewel die klem in 1 Timoteus 1:12-17 waarskynlik oorweldigend op regverdiging geplaas word, word die punt egter ook gemaak dat Paulus en die kerk 'n rol te speel het in God se verlossingsplan en dat dit 'n spesifieke stel optredes (of “goeie werke”) sou behels (Malherbe). Die reikwydte van 1 Timoteus 1:12-17 se verlossingsverstaan behoort nie ingeperk te word nie, maar word, soos Paulus se paradigmatische bekeringsverhaal, 'n belydenis van God se genade wat gelowiges en die kerk se verbeelding opnuut moet stimuleer om ons radikale geloof in 'n gewonde wêreld en op 'n gewonde aarde uit te leef (Bouma-Prediger). Trouens, God se omarmende, inklusiewe, gasvrye genade wat verlossing aan alle mense wil skenk (1 Tim 2:1-7; sien ook die preekstudie van 18 September 2016) omhels en omarm en omvorm die ganse skepping, insluitend die ekologie, en verg van gelowiges om die deugde van tevredenheid en vergenoegdheid te bly nastreef, ook binne ons huidige verbruikerskultuur (1 Tim 6:6-19; sien ook die preekstudie van 25 September 2016).

Bibliografie

- Andria, S 2006. “1 Timothy.” In Adeyemo, T (ed) *Africa Bible Commentary*. WordAlive Publishers. pp. 1459–1476; Bouma-Prediger, B 2001. *For the Beauty of the Earth. A Christian Vision for Creation Care*. Engaging Culture series. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic; Conradie, E M 2006. *Waar op dees aarde vind mens God? Op soek na 'n aardse spiritualiteit*. Wellington: Lux Verbi/Bybel Media; Conradie, E M 2009. *Uitverkoop? In gesprek oor die verbruikerskultuur*. Wellington: Lux Verbi/Bybel Media; Dewey, J 1992. “1 Timothy.” In Newsom, C A. Ringe, S H and Lapsley, J E (eds) *Women's Bible Commentary (1st edition)*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press. pp. 595–601; Groenewald, E P 1977. *Die pastorale briewe*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers; Jonker, W D 1989. *Uit Vrye Guns Alleen. Oor Uiverkiesing en Verbond*. Wegwysters in die Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel; Keck, L E 2000. *The New Interpreter's Bible (volume XI)*. Nashville, Tennessee: Abingdon Press; Malherbe, A J 2005. “Christ Jesus came into the world to save sinners’: Soteriology in the Pastoral Epistles.” In Van der Watt, J G (ed.) *Salvation in the New Testament. Perspectives on Soteriology*. Leiden: Brill. p 331–358; Moltmann, J 1993. *God in Creation. A New Theology of Creation and the Spirit of God (The Gifford Lectures, 1984–1985)*. Minneapolis, Minnesota: Fortress Press; Mounce, W D 2000. *Pastoral Epistles (volume 46)*. *Word Biblical Commentary*. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Publishers.

18 SEPTEMBER 2016

AGTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD : SKEPPING – 3

LITURGIESE VOORSTEL

Leesroostertekste

Sleutelteks: 1 Timoteus 2:1-7

Ander tekste: Jeremia 8:18-9:1; Psalm 79:1-9;
Lukas 16:1-13

God versamel ons voor Hom

Danksegging

Gebruik Psalm 104 as danksegging (sien Basisliturgie).

Doopherinnering

Gebruik die gebed as doopherinnering (of as seën by die uitsending).

Gees van Lewende Water,
U dra die ganse skepping in u moederskoot
en by ons aardse geboorte ontspring ons uit U.

Gees van die Getye,
herinner my aan die eb en vloed van u ritmes
sodat ek dit ook diep binne in my kan ontdek.

Gees van Groei,
bring vogtigheid en groeikrag in my lewe
sodat ek die belewenis van u energie kan geniet
wat deur my vloei na die wêreld toe.

Die water seën ons:
mag die stroom van die groot rivier van die lewe ons
dra,
mag ons 'n sterk fontein diep binne in ons ontdek,
mag ons tot by die oevers van dit wat heilig en nuut is,
gedra word (Christine Paintner).

Diens van die Woord

Gebed

Voorganger: Die hemelruim verkondig die eer van God
en die hemelkoepel maak die werk van sy
hande bekend.

Gemeente: Dankie dat U met ons praat, Here.

Voorganger: Die wet van die Here is volmaak, dit gee
lewenskrag; die bepalings van die Here is
betroubaar, dit gee wysheid aan die
eenvoudige.

Gemeente: Dankie dat U met ons praat, Here.

Voorganger: Die opdragte van die Here is reg, dit maak
die hart bly.

Gemeente: Ons sal luister, Here (uit Ps 19).

Inleiding

In Jeremia 8:18-9:1 sien ons die medelye van 'n profeet
in aksie.

Psalm 79 gee uitdrukking aan die geloofsoortuiging dat
die gelowige se vyande uitgesluit is van God se genadige
guns.

1 Timoteus 2:1-7 korrigeer dit en leer dat God se
huishouding inklusief is. Lidmate van die kerk word
daartoe opgeroep om daarom ook inklusief te bid.

Lukas 16:1-13 sê dat God net die ware rykdom aan
diegene kan toevertrou wat betroubaar werk met geld en
ander se besittings.

Diens van die tafel

Doen moeite om stil te staan by die betekenis en rol wat
brood en drank in ons lewe speel as noodsaak om te
lewe en hoe God dit tot boodskappers maak.

In die nagmaal gebruik God nie net brood en wyn/
druiwesap om ons te help om nuut na God te kyk nie,
maar God gebruik ook die nagmaal om ons te help om
nuut na kos en drank (die natuur) te kyk.

Die gebed van Wilhelm Jordaan verwoord die intieme
verband tussen die skepping en die nagmaalstafel,
nagmaal en ontbyt – die erediens en die lewe:

In drome vol van angs
bedien my Heer my
'n klein sakrament
uit sy hand
breek die maan
wit wolke oop
tot sagte nagmaalbrood.
En môre by ontbyt
sit ek aan die tafel.
Sny ek uit die bakkersbrood
die nag se droom weer oop.
O Vlees van die Woord
voed my in hierdie môre
met u hemelgraan
dat iets van nagmaal
in my dag bestaan.

Uitsending

Sien die Basisliturgie.

Musiek en sang

Na die preek: Hierdie liedere dien as reaksie op die Woord, skuld-belydenis of voorbereiding tot die nagmaal.

Lied 464, 246 of 257, 253

NSG 8, 233 of 234, 370

Uitsending: Lied 464; NSG 29

Offergawes: Lied 457 en NSG 23

PREEKSTUDIE – 1 TIMOTEUS 2:1-7

Inleidend

Enige antieke teks moet verstaan word in terme van die oorspronklike konteks van waaruit dit geskryf is en waaraan dit gerig is. Om die teks binne en vir 'n bepaalde eietydse konteks te verstaan, verg vaardigheid. Om ook die ooreenkomste en verskille tussen dié drie kontekste te verstaan, eis ewe veel vaardigheid. As die eietydse uitlegger vanuit 'n ander konteks praat as die een aan wie sy of haar boodskap gerig word, is daar sprake van vier sulke kontekste.

Die implikasies hiervan is onmiddellik duidelik rondom die uitleg van Paulus se aandrang in 1 Timoteus 2:1-2 om gebed vir “dié wat regeer en almal wat gesag uitoefen” sodat “ons” ’n “rustige en stil lewe kan lei”. Presies dieselfde formulering het totaal verskillende betekenis as dit byvoorbeeld geplaas word in 'n preek in die Moederkerk Stellenbosch in Junie 1976 of in Regina Mundi in Soweto in dieselfde tyd – of in 'n APK gemeente in Orania in 2016 of in 'n middestadgemeente in Durban in 2016 met baie lidmate sonder Suid-Afrikaanse burgerskap wat xenofobiese geweld vrees. Kortom, dit hang van bestaande magsverhoudinge af of jy graag die status quo wil handhaaf, óf radikaal wil verander óf besef dat jy dit nie maklik kan verander nie. Dit is daarom nie toepaslik om algemene reëls uit hierdie teksgedeelte af te lei oor Christenskap en burgerskap wat sonder meer in alle kontekste geld nie. Elders in die brief word die verskille in konteks op die spits gedryf waar dit gaan oor die rol van vroue in gemeentes (2:8-15), die posisie van weduwees (5:3-16) en van slawe (6:1-2).

Die rol van die konteks raak nog meer verwickeld as die teks geplaas word binne 'n Seisoen van die Skepping waarin nagedink word oor eietydse ekologiese probleme – wat nie enigsins ter sprake kom in Paulus se brief aan Timoteus nie. Daar is wel raakpunte wat ons hier kan help, naamlik die ooreenkomste tussen die eietydse verbruikerskultuur en die rol wat geldgierigheid dwarsdeur die brief speel (bv 2:9; 3:3; 3:8; 5:6; 6:5-10, 6:17-19). Dit is belangrik om daarop te let dat die begeerte na geldelike sekuriteit en mag nie net onder welvarende mense voorkom nie, maar onder alle lae van die samelewing gevind word. Nietemin het die verbruikerskultuur onder welvarende veel meer van 'n ekologiese impak as onder armes. In die afdeling oor konteks moet hierdie verskille daarom in gedagte gehou word.

Om teks en konteks bymekaar uit te bring word in hierdie Seisoen van die Skepping twee uitgangspunte gebruik. Eerstens het die motief van die hele huishouding van God (*oikos*) wat sterk in Paulus se briewe funksioneer sosiale, ekonomiese en ekologiese dimensies. Die Griekse woord *oikos* is vandag nog die wortel van woorde soos ekumene (die bewoonde wêreld), ekonomie en ekologie. Tweedens gaan al die teksgedeeltes waarby ons in hierdie Seisoen van die Skepping stilstaan oor die enorme uitdagings waarvoor die bediening van die evangelie te staan kom in 'n

konteks waar die logika van hierdie huishouding van God lynreg ingaan teen die heersende sosiale orde. Hierdie is uitdagings wat vandag ook nog geld.

Teks

In die uitleg van 1 Timoteus 2:1-7 is dit van groot belang om die oorspronklike konteks te verstaan waarbinne die brief geskryf is. Daar is geen konsensus onder geleerdes oor die vraag hoe hierdie konteks gerekonstrueer moet word nie. Die behoudende standpunt veronderstel dat die apostel Paulus van Tarsis vir 'n tydperk uit die gevangenis vrygelaat is en die brief vanuit Macedonië gestuur het in die jaar 62 of 63 nC, kort voor die vervolging van Christene onder keiser Nero (54-68 nC) in Julie 64 nC begin het. Sedert Schleiermacher het ander geleerdes geargumenteer dat die brief onmoontlik deur Paulus self geskryf kon gewees het, maar wel in sy naam en dan eers heelwat later. Hiervolgens moet die brief eerder geplaas word rondom die draai van die eerste eeu en dan onder ander omstandighede in terme van die politieke konteks, kerklike strukture en geestestrominge wat 'n invloed gehad het op die dwaalleer wat ook in kerklike kringe houvas gekry het. Daar is sterk argumente vir en teen altwee opvattinge en ook talle tussenposisies (bv dat die brief Paulus se eie gedagtes uitdruk maar nie deur homself geskryf is nie). Dit is onmoontlik om die debat hier te bespreek of selfs te probeer oplos. Hoe nou gemaak met die oog op die prediking?

In die bespreking hieronder is dit die veiligste om ten minste rekening te hou met verskuivende kontekste. Die punt is dat dieselfde evangelie van verlossing in Jesus Christus telkens opnuut herkontekstualiseer moes word in Galilea, Judea, onder Jode in die verskillende stede van die Romeinse ryk, onder nie-Jode (waarop Paulus fokus), in latere tye waar die kerk oorwegend uit nie-Jode bestaan het en in veranderende politieke, kerklike en leerstellige kontekste. Dit moet vers vir vers in gedagte gehou word.

Vers 1 en 2. Die opeenstapeling van smeking, gebede, voorbede en danksegging (*eucharistias*) kan wel liturgies verstaan word (in terme van die inrigting en orde van die eredienste), maar dui hier veral op die erns van die saak eerder as op verskillende fasette van gebed. Die klem op gebed vir alle mense is opvallend en tipies van Paulus se verstaan van die universele reikwydte van die evangelie. Die verwysing na die wat regeer en wat gesag uitoefen, is klaarblyklik inklusief in die sin dat daar van verskillende vlakke van regering orals in die Romeinse ryk sprake is. Die klem op 'n “rustige en stil lewe” (oftewel kalm en vreedzaam, *hesuchios*) sluit aan by Jeremia 29:7 waar bannelinge aangemoedig word om vrede te soek in die stede waarheen hulle weggevoer is. Hierdie vrede maak dit moontlik om met toewyding aan God te lewe (*eusebeia*, Godsvrug) en eerbaarheid (*semnotēs*, waardigheid, gravitas). Hoewel mense in antieke tye bewus was van hoe onderdrukkend 'n bepaalde politieke orde kan wees, het hulle chaotiese regering meer as onderdrukking gevrees. Die gebede vir

die imperiale regeerders beteken nie noodwendig 'n legitimering van imperiale mag nie. Die gebede druk ten minste die hoop van die Christelike gemeenskap uit om vry te bly van vervolging (afhangende van die konteks waarbinne die brief geskryf en gelees is), om godsdienste te kan beoefen en om deel te vorm van die samelewing (Hultgren). By Polikarpus ietwat later word dit 'n gebed juis vir die wat die kerk vervolgd en haat (Smelik). Hoe meer die onderdrukking van godsdienste, hoe meer moet daar vir die owerhede gebid word.

Dit laat die vraag hoe hierdie verse binne die oorspronklike konteks verstaan moet word. Die probleem is nie net dat ons nie daardie konteks maklik kan rekonstrueer nie, maar ook dat uiteenlopende eietydse opvattinge oor kerk en staat, kerk en samelewing of godsdienste en politiek alte maklik ingelees kan word in die teks. Op die oog af lyk dit asof die skrywer hier probeer aantoon dat godsdienste oor iets heel anders as sosiale, ekonomiese of politieke betrokkenheid gaan of ten minste van 'n ander, hoër orde is. Goeie orde is nodig maar alleen ter wille van 'n lewe van toewyding aan God (Guthrie). 'n Mens kan ten minste aanvaar dat die vroeg-Christelike gemeenskappe waarbinne die brief aanvanklik gelees is klein, kwesbaar en blootgestel aan sosiale druk en politieke vervolging was. Anders as in latere tye kon hierdie gemeenskappe bloedweinig invloed uitoefen op die sosiale orde binne die oorkoepelende imperiale raamwerk van die Romeinse ryk. Hulle was alte dikwels onderling verdeeld, gegewe die onderliggende spanninge tussen Jode en Grieke, rykes en armes, mans en vroue, slawe en slawe-eienaars.

Juis daarom is hierdie verse merkwaardig kontra-intuïtief. In plaas daarvan om na binne gerig te wees op die belange van die Christelike gemeenskap, word hier gevra vir 'n gerigtheid na buite. Trouens dit is die fokus en inhoud van die gebede wat binne Christelike samekomste plaasvind. Hierdie gebede is merkwaardig genoeg vir alle mense (moontlik gemik teen vroeg-Gnostiese sektes wat die evangelie vir 'n enger, eksklusiewe groep probeer opeis het) en juis ook vir die regeerders wat beswaarlik die belange van die Christelike gemeenskap op die hart sou dra. Die hele huishouding van God sluit daarom sosiale, ekonomiese en politieke belange in (en ook ekologiese belange, so sou ons vandag kon byvoeg), al kan die klein, kwesbare Christelike gemeenskappe nie veel daaraan verander nie behalwe deur gebed en al lyk dit dikwels asof daar van twee huishoudings sprake is in die gemeente en die gemeenskap – wat met mekaar in spanning staan aangesien Christene dubbele lidmaatskap het.

Vers 3 tot 6a. Wat is dit wat “goed en aanneemlik” is vir God? Die universaliteit van gebede vir alle mense, 'n stil lewe of toewyding aan God? Of al drie? Of selfs dat die regeerders self ook tot geloof in Jesus Christus sal kom sodat hulle goed sal regeer (Groenewald, Smelik)? Maar waar val die eintlike klem dan in die eerste woord in vers 3 (*touto* – dit)? Die herhaling dat God wil dat alle mense (3 en weer 5) gered word dui tog daarop dat dit eintlik hier gaan oor die universele reikwydte van die evangelie om in te gaan teen (Joodse of Gnostiese) dwaalleraars wat die evangelie net vir een groep wil opeis (Mounce).

Die woord “alle” kom vier keer voor en is duidelik belangrik. Dit berus weer daarop dat daar maar net een God is (5a). Hierdie opmerking is sekerlik subversief (Wall) aangesien dit die gesag van regeerders relatief: die huishouding behoort aan God. Die klein, kwesbare Christelike gemeenskap bestaan nie net ter wille van hulleself nie, maar ter wille van die groter huishouding van God wat alles-insluitend is. Dit plaas die hele teks-gedeelte in die enorme spanning van die bediening van die evangelie aan alle mense (7). Hierdie inklusiwiteit het tot heelwat teologiese debat gelei: Word almal uiteindelik gered of net dié wat glo? In hierdie teks gaan dit egter eerder oor die insluitende wil van God, juis vir die wat deur ander uitgesluit word. Om klem te lê op geloof as kriterium vir redding, is daarom om die punt te mis.

Wat beteken dit dat alle mense gered moet word? Wat sou die eerste lesers onder “redding” verstaan het en wat het dit vir hulle beteken? Anders gestel: wat was die probleem waaruit hulle gered moes word? Dit is helaas onmoontlik om vas te stel omdat dit verskillende dinge in verskillende kontekste kan beteken. Die teks help ons nietemin met die opstapeling van vyf frases waarvan vers 5 en 6 waarskynlik 'n bestaande en bekende kategetiese formule was. God is ons “Verlosser” (*soter* sien 1:1, ook gebruik met verwysing na Nero sodat die kontras hier met “ons” aangetoon word). God wil hê dat mense “gered” (*sozo*) moet word. Die mens Jesus is die “Christus” (Messias, gesalfde koning in wording). Christus is die “Middelaar” (*mesitēs*, oftewel die enigste betroubare onderhandelaar, maar ook priesterlike bemiddelaar, oftewel fasiliteerder of Messiaanse ambassadeur), maar hier tussen God en mens en nie soos in die geval van Moses die middelaar van die verbond of in die brief aan die Hebreërs van 'n nuwe verbond nie (Hanson). Jesus Christus het homself as “losprys” (*antilutron*, om vryheid vir gyselaars en veral vir slawe te verkry) gegee “vir almal” (*panton*, in Mark 10:45 is dit “vir baie”). Hoe hierdie laaste metafoor verstaan moet word is nie sonder meer duidelik nie. Wie hou mense só gevange? Dit kan godsdienstig as 'n verwysing na Satan verstaan word, of na die gepaste straf met die finale oordeel wat kom (Hultgren), of sterflikheid in die algemeen, maar ook as die politieke heersers van die dag of dalk as die heersende ideologie (groepbelange) wat mense se denke gevange hou. In die laaste geval is die losprys (die skokkende gebeure van die kruis) dan nodig om daardie denkklimaat te deurbreek.

Dit is opvallend en oorfloedig duidelik dat al vyf hierdie frases gelaai word met nie net sosiale nie, maar ook politieke betekenis. Die huishouding van God is inderdaad alles-insluitend. Daar moet vir alle mense gebid word omdat Christus vir almal gesterf het (Wall). Hoe moet dit verstaan word? In terme van Paulus se metafoor van die huishouding van God en die klem op insluiting in hierdie gedeelte kan 'n antwoord op hierdie vraag gewaag word: Jesus se bediening in Galilea was een waarin hy mense ingesluit het in God se huishouding wat deur ander uitgesluit is. Hy het hulle probeer oortuig dat hulle deur God aanvaar word, al word hulle deur ander mense verwerp. Dit is gedemonstreer deur sy berugte maaltye. Hy het 'n nuwe sosiale bedeling (die

koninkryk van God) bepleit en alreeds in werking gestel. Daarvolgens was die diepste probleem in die samelewing nie bloot die Romeinse onderdrukking nie, maar die wyse waarop interne spanninge in die samelewing maak dat sekere groepe gemarginaliseer word. Sy bediening het die ryk tollenaars en arm bedelaars ingesluit, maar ook die siekes, sielkundige gevalle, melaatses, prostitute, vroue in die algemeen, Samaritane, Romeinse soldate en al die gewone mense in die samelewing wat nie geweet het waarheen hulle op pad is nie. Hierdie inklusiwiteit het vir al sy volgelinge probleme opgelewer, want Jesus het nie net hulle ingesluit nie, maar ook ander wat hulle (sy eie volgelinge) eerder graag sou wou uitsluit. Die punt is dat jy self net ingesluit kan word as jy besef dat ander van wie jy niks hou nie ook ingesluit word. Juis daarom het Jesus die wat self arm, onderdruk en gemarginaliseer was opgeroep tot bekering en verandering. Die sleutel tot daardie verandering het vir hom daarin gelê om iets te begin verstaan van die barmhartige hart van sy Vader. Dit was die tema van die bediening en veral van sy gelykenisse. As jy nie die hart van God verstaan nie, kan jy ook nie die logika van God se huishouding begryp nie.

Hierdie bediening het Jesus spoedig in konflik gebring met al die maghebbers en godsdienstige groeperinge, naamlik die Selote, Fariseërs, Esseners en veral die Sadduseërs wat uiteindelik vir sy dood verantwoordelik was. Hulle het elkeen hulle eie opvatting gehad oor wat fout was in die samelewing en hoe om daarop te reageer, maar kon nie die logika van Jesus se bediening verstaan nie. Hulle het dit as gevaarlik beskou, wou hom daarom uit die pad kry en het dit op die oog af reggekry met sy kruisdood en die wyse waarop al sy getrouste volgelinge (behalwe 'n paar vroue) hom verraai en verlaat het.

Na Jesus se opstanding ('n tema wat nie in die teksgedeelte ter sprake kom nie) het sy volgelinge begin raaksien dat Jesus se bediening implikasies het wat veel verder strek as hulle eie onmiddellike omgewing. Die merkwaardige is dat die betekenis van Jesus se boodskap van inklusiwiteit, wat aanvanklik net beperk was tot Galilea en Palestina, spoedig raakgesien is in ander kontekste waar dieselfde soort onderliggende spanninge (en uitsluitingsmeganismes) aanwesig was. Die universele betekenis van Jesus se bediening en dood word uitgedruk in die begrippe wat in vers 3 tot 5 gebruik word: Verlosser, redding, Middelaar, Gesalfde, 'n losprys vir almal.

Hoewel Jesus eerder die metafoor van die kms van die koninkryk gebruik het, kon die beeld van God as sy Vader en van die dissipels as sy broers en suster gemaklik deur Paulus en ander benut word om te praat oor insluiting binne die hele huishouding van God. Gegewe Paulus se bediening aan die "heidene" (7) het dit vir hom veral gegaan oor hulle insluiting en aanvaarding binne daardie huishouding – wat aanvanklik meestal uit Jode in die diaspora bestaan het. Dit is hierdie bediening wat voor groot uitdagings te staan gekom het in die soort kontekste waar Paulus (of Paulus se volgelinge) se brief aan Timoteus aanvanklik gelees is, naamlik waar Christelike gemeenskappe oorwegend uit nie-Jode bestaan het. Dit gebeur alte maklik dat die

radikale inklusiwiteit van die evangelie afgeswak word ten einde ruimte te maak vir bepaalde groepe en hulle belange. In 'n diep verdeelde Suid-Afrikaanse samelewing kom hierdie inklusiewe bediening eweneens voor enorme uitdagings te staan, op verskillende maniere in verskillende plekke, maar sekerlik ook onder Jesus se eietydse volgelinge in Christelike gemeentes. Hieroor spoedig meer.

Verse 6b en 7. Die bediening van die apostel Paulus aan die heidene word in vers 7 aan die orde gestel as prediker (herout), apostel en leraar, een wat onderrig gee. Die inhoud van daardie boodskap is reeds hierbo bespreek, naamlik dat God ons Verlosser is in en deur die Middelaar Jesus Christus en dat daardie verlossing insluiting in die huishouding van God beteken. Wat egter hierby gevoeg word is 'n klem op die betroubaarheid van daardie boodskap. Die klem op "kennis van die waarheid" (oftewel geopenbaarde kennis – Hanson) kom alreeds in vers 4 ter sprake. Dit word opgevolg met 'n verwysing na die (eintlike) bedoeling van God (6b), 'n getuienis (*marturion*) op die regte tyd (*kairos*), die boodskap waarin geglo word (7b) en die waarheid (*aletheia*) wat daarin opgesluit word (7b). Boonop vind Paulus (of dan sy navolgelinge) dit nodig om by te voeg dat hy die waarheid praat en nie lieg nie (7c). Alhoewel Timoteus nie Paulus se gesag sou betwyfel het nie, was daar klaarblyklik ander in die gemeentes wat dit wel gedoen het.

Dit is waarskynlik dat 'n vroeë vorm van Gnostiek in hierdie gedeelte afgewys word: die elitistiese opvatting dat kennis en insig in die waarheid opsigself genoeg is vir redding, maar dan vanuit die materiële en liggaamlike wêreld en net vir 'n spirituele elite bedoel. Dit blyk uit die aksent op "kennis (*epignōsis*) van die waarheid" (4), oftewel die aanvaarding van die Christelike evangelie (Kelly, Hanson), maar dan ook die klem op redding wat vir almal beskore is (6a), asook uit verwysings na die één God (5a), na die één middelaar (eerder as 'n hele reeks tussengangers tussen die gode en mense), na die menslikheid van Jesus (5b) en na die goeie orde in die samelewing. Christene is tuis in die wêreld, anders as die Gnostici wat die wêreld eerder vermy het (Hultgren).

Die betroubaarheid van die boodskap van insluiting in die huishouding van God is vanselfsprekend belangrik as in gedagte gehou word dat omtrent almal, buite en binne die Christelike geloofsgemeenskap dit moeilik gevind het om die implikasies van daardie bediening van insluiting te aanvaar. Dit gaan teen die grein van 'n diep verdeelde samelewing in. Dit is alte maklik om daarvan af te wyk of die huishouding van God tog maar weer vir een groep en hulle standpunte op te eis. Elders in die brief blyk duidelik hoedat dit gebeur het in die vorm van dwaalleer, 'n klem op wetsgehoorsaamheid as die eintlike boodskap, 'n gebrek aan onderlinge sorg, onderlinge twis, afguns en rusie en 'n wegbeweeg na 'n beklemtoning van 'n radikaal ander stel waardes, veral geldgierigheid en ander sinlose begeertes. Nog ander vind, juis daarom, toevlug in 'n strenge askese waarvolgens die huwelik self en die eet van sekere

soorte kos verbied word (4:3). Ook hierdie houding mis die punt waarom dit gaan.

Daar is kritici wat beweer dat die skrywer (waarskynlik 'n navolging van Paulus) van die brief aan Timoteus self begin het om die goeie orde binne die Christelike gemeenskap as belangriker te ag as wat by Paulus self die geval was. Die radikaliteit van die insluiting van heidene in die huishouding van God word afgeswak deur 'n sekere na-binne-gerigtheid. Dit word hiervolgens elders in die brief weerspieël in die houding teenoor vroue en slawe. In 1 Timoteus 2:1-7 is die inklusiwiteit van die evangelie aan alle mense nietemin opvallend.

Konteks

Die boodskap van insluiting binne die hele huishouding van God is op die oog af goeie nuus vir dié wat uitgesluit word en so voel. Dit het egter radikale implikasies wanneer andere ook ingesluit word in dieselfde huishouding en waar daar skeefgetrekte magsverhoudinge onderling voortbestaan. Filosofies gestel: die enigste ding wat uitgesluit moet word op die basis van inklusiwiteit is eksklusiwiteit. Die probleem is naamlik dat onderlinge griewe oor onreg in die verlede, (finansieel) skuld, verskillende loyaliteite en allerlei meningsverskille nie bloot weggaan wanneer uiteenlopende mense en groepe in God se huishouding ingesluit word nie. Die onreg van die verlede kan uiteraard nie bloot vermy word nie as broers en susters in dieselfde huishouding saamkom nie. Maar om net daarop te fokus mis die punt van die genadige insluiting van andere. Hoe nou maak? Dit is waar 'n inklusiewe bediening voor enorme uitdagings te staan kom.

In die eerste brief aan Timoteus is daar sprake daarvan op talle maniere (ryk en arm, slawe en slaweëenaars, mans en vroue, amspraers en lidmate, verskillende houdings rondom die navolging van die wet, uitkyke oor kennis en filosofie). In 'n diepverdeelde Suid-Afrikaanse samelewing is dit maklik verstaanbaar. Meer nog, die skeefgetrekte magsverhoudinge lyk in elke gemeenskap en gemeente anders sodat die insluiting en uitsluiting van ander telkens op verskillende maniere funksioneer. Die verdelingslyne word verskillend getrek en verskillend verstaan in terme van verdelings rondom ras, klas, geslag, seksuele oriëntasie, geografiese ligging, vlakke van opvoeding, taal, kultuur, geloof en denominasie. Mense voel tereg gegrief op een punt en verwelkom dan graag insluiting in God se huishouding, maar bied dan weerstand teen die insluiting van ander as dit oor 'n ander saak gaan.

Gegewe hierdie uitdagings vir 'n bediening van die evangelie aan alle mense, hoef dit 'n mens nie te verbaas dat die klem op inklusiwiteit maklik afgeswak word nie. Daar ontstaan twisvrae en meningsverskil (6:4). Mense begin om liever vir hulle self, hulle gesin en hulle groep te lewe. Dit is daarom verstaanbaar dat afdwaling van die geloof (valse leer) en die najaag van geld in dieselfde asem genoem word (6:10). Dit is ironies dat hierdie houding, naamlik om net vir jouself te lewe, spoedig die een gemeenskaplike eienskap word wat bestaan ondanks onderlinge verdeeldheid. In die wydverspreide verbruikerskultuur in Suid-Afrika is dit ongetwyfeld ook

die geval. Die welvarendes stel wel die voorbeeld, maar alle ander groepe en klasse aanvaar alte graag daardie leefstyl as die norm wat hulle ook graag wil bereik. Intussen vererger ekonomiese ongelykhede en onderliggende spanninge in die samelewing. Meer nog, die hoofstroom van denke lui dat die oplossing lê in voortgesette ekonomiese groei, sonder om die ingrypende ekologiese implikasies van daardie groei (en die energie wat daarvoor nodig is) te bereken. Sodat almal meer kan kry, moet die ekonomiese “koek” groter en groter word, al vind dié wat reeds welvarend is veel meer baat by die groter “koek” as ander. Hier is die Suid-Afrikaanse konteks 'n mikro-kosmos van globale spanninge. Daar is wel weerstand teen hierdie voortslepende spiraal, maar dit is maar yl verspreid, ook in Christelike geloofsgemeenskappe. 'n Inklusiewe manier van dink en leef, volgens die logika van insluiting in God se barmhartige huishouding is nie die “in-ding” nie!

Preekvoorstel

Dit is vanselfsprekend belangrik om die teksgedeelte binne die eietydse konteks waar die prediking plaasvind te plaas. Aangesien dit so totaal verskillend is in 'n diepverdeelde land kan hier net algemene riglyne gegee word:

1. Die gemeente kan begelei word op 'n denkeksperiment om te wonder hoe vers 1-2 geles en verstaan sal word in die vier kontekste wat in die inleiding genoem word: die Moederkerk Stellenbosch in Junie 1976, of in Regina Mundi in Soweto in dieselfde tyd, of in 'n APK gemeente in Orania in 2016, of in 'n middestadgemeente in Durban in 2016 met baie lidmate sonder Suid-Afrikaanse burgerskap. Daarna kan die vraag gevra word hoe mense in die betrokke gemeente hierdie gedeelte lees. Wat beteken dit om te bid vir 'n rustige en stil lewe?

2. Die eksegetiese materiaal rondom die insluiting van alle mense kan dan toegelig word. Daar kan gewys word op hoe kontra-intuïtief hierdie manier van dink en leef is. Om self ingesluit te word in God se huishouding is miskien aantreklik, maar op voorwaarde dat ander uitgesluit word. Wie is daardie ander in die konteks van die gemeente? Die antwoord hierop mag binne die gemeente verskil.

3. Die merkwaardige wyse waarop insluiting in God se huishouding beklemtoon word in die bediening van Jesus, van Paulus en van Paulus se volgelinge, kan dan toegelig word met behulp van die eksegetiese materiaal onder vers 3-6a. Dit kan verder toegelig word met voorbeelde uit die geskiedenis soos wat dit in 'n bepaalde tradisie, konteks en gemeente relevant is.

4. Dit is verstaanbaar dat mense wegstroom van die implikasies van die logika van insluiting. Dit het in Jesus se tyd gegeld, ook in Paulus se tyd, in Suid Afrika vandag en waarskynlik in die hart van elke lidmaat. Dan begin mense eerder maar vir hulleself en vir hulle groep se belange leef. Dit is immers veel makliker as om met die moeilike uitdagings van inklusiwiteit te probeer saamleef. Die eerste brief aan Timoteus is daarvan vol. Net soos toe, kom dit vandag ook tot uiting in

geldgierigheid, byvoorbeeld in die eietydse verbruikerskultuur, of in gewaande askese. Met die oog op die Seisoen van die Skepping kan die ekologiese impak van hierdie manier van leef net vir jouself geskets word. Trouens, “eksklusiwiteit” word as deug voorgedou in talle advertensies in ’n verbruikerskultuur. Jy moet wys hoe “anders” jy is as ander gewone mense, al is dit dan nou deur dieselfde soort produkte te koop as andere wat ook graag “eksklusief” wil wees.

5. Die eintlike hartklop van die teksgedeelte gaan oor die uitdagings waarvoor dit die bediening van die evangelie (6-7) te staan bring. Wat gebeur wanneer mense hulle entoesiasme vir insluiting in die huishouding van God begin verloor en net nie meer regtig daarin glo nie? Wat gebeur wanneer mense na binne gerig en vir hulleself begin lewe? Volgens die teksgedeelte is daar ’n punt om by te begin, naamlik om met smeking, voorbidding en

danksegging vir die regeerders te bid (al is daardie regeerders hoe ongewild en onderdrukkend). Dit is ’n moeilike toets, maar dit is ’n goeie begin en klaarblyklik vir God aanneemlik. Miskien kan hierdie goeie begin verder gevoer word om nog wyer te kyk en in ons dag nie net vir ’n rustige en stil lewe te hoop nie, maar ook vir ’n volhoubare manier van lewe en vir die gepaste beleidsmaatreëls wat daarmee in lyn is.

Bibliografie

Kommentare: Groenewald (Swartband); Guthrie (Tyndale); Hanson (NCBC); Hultgren (Augsburg); Kelly (Black’s); Mounce (WBC); Smelik (PNT); Towner (NIC); Wall (Two Horizons).

Aanvullend: Ernst Conradie, *Uitverkoop? In gesprek oor die verbruikerskultuur* (Lux Verbi.Bm, 2009).

25 SEPTEMBER 2016

NEGENTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD :



SKEPPING – 4

LITURGIESE VOORSTEL

Leesroostertekste

Sleutelteks: 1 Timoteus 6:6-19

Ander tekste: Jeremia 32:1-3a, 6-15;
Psalm 91:1-6, 14-16; Lukas 16:19-31

God versamel ons voor Hom

Danksegging

Gebruik Psalm 104 as danksegging (sien Basisliturgie).

Doopherinnering

Gebruik die gebed as doopherinnering (of as seën by die uitsending).

Gees van Lewende Water,
U dra die ganse skepping in u moederskoot
en by ons aardse geboorte ontspring ons uit U.

Gees van die Getye,
herinner my aan die eb en vloed van u ritmes
sodat ek dit ook diep binne in my kan ontdek.

Gees van Groei,
bring vogtigheid en groeikrag in my lewe
sodat ek die belewenis van u energie kan geniet
wat deur my vloei na die wêreld toe.

Die water seën ons:
mag die stroom van die groot rivier van die lewe ons dra
mag ons 'n sterk fontein diep binne in ons ontdek
mag ons tot by die oewers van dit wat heilig en nuut is,
gedra word (Christine Paintner).

Diens van die Woord

Gebed

Voorganger: Die hemelruim verkondig die eer van God
en die hemelkoepel maak die werk van sy
hande bekend.

Gemeente: Dankie dat U met ons praat, Here.

Voorganger: Die wet van die Here is volmaak, dit gee
lewenskrag; die bepalings van die Here is
betroubaar, dit gee wysheid aan die
eenvoudige.

Gemeente: Dankie dat U met ons praat, Here.

Voorganger: Die opdragte van die Here is reg, dit maak
die hart bly.

Gemeente: Ons sal luister, Here (uit Ps 19).

Uitsending

Sien Basisliturgie.

Inleiding

Jeremia 32:1-3a,6-15: Jeremia se aankoop van 'n stuk grond lyk na geldmors, maar eintlik is dit 'n daad van hoop.

Psalm 91 besing God se beskerming en versorging vir hulle wat God liefhet. Lukas 16:19-31 vertel die tragiese verhaal van wat gebeur as 'n ryk mens dit nie regkry om sy rykdom te deel nie. 1 Timoteus 6:6-19 roep dissipels op om met die genoeg wat God voorsien, tevrede te wees.

Diens van die tafel

Doen moeite om stil te staan by die betekenis en rol wat brood en drank in ons lewe speel as noodsaak om te lewe en hoe God dit tot boodskappers maak.

In die nagmaal gebruik God nie net brood en wyn/ druiwesap om ons te help om nuut na God te kyk nie, maar God gebruik ook die nagmaal om ons te help om nuut na kos en drank (die natuur) te kyk.

Die gebed van Wilhelm Jordaan verwoord die intieme verband tussen die skepping en die nagmaalstafel, nagmaal en ontbyt – die erediens en die lewe:

In drome vol van angs
bedien my Heer my
'n klein sakrament
uit sy hand
breek die maan
wit wolke oop
tot sagte nagmaalbrood.
En môre by ontbyt
sit ek aan die tafel.
Sny ek uit die bakkersbrood
die nag se droom weer oop.
O Vlees van die Woord
voed my in hierdie môre
met u hemelgraan
dat iets van nagmaal
in my dag bestaan.

Musiek en sang

Na die preek: Hierdie liedere dien as reaksie op die Woord, skuld-belydenis of voorbereiding tot die nagmaal.

Lied 464, 246 of 257, 253;
NSG 8, 233 of 234, 370

Uitsending: Lied 464; NSG 29

Offergawes: Lied 457 en NSG 23

PREEKSTUDIE – 1 TIMOTEUS 6:6-19

Inleidend

Hierdie is die laaste preekstudie in die Seisoen van die Skepping. Dit veronderstel en sluit aan by die vorige drie (Sondae 4, 11, 18 September). Neem dus ten minste kennis van die inhoud van wat by die basisliturgie oor die kort reeks van vier Sondae gesê word. Lees gerus die vorige drie studies ook.

Teks

Meeste geraadpleegde kommentare stem saam dat 1 Timoteus 6 'n losgeweefde aantal gedagtes is wat mekaar opvolg sonder 'n sentrale lyn. Hulle word saamgebind as deel van die laaste afdeling van die brief wat raad en rigting gee aan Timoteus met betrekking tot die dwaling(e) wat in die gemeente voorkom. Die leesroosterteks vir hierdie Sondag (6-19) is 'n doelbewuste keuse uit die laaste deel van hoofstuk 6 wat by vers 3 begin. Die NIV deel vers 3 tot 21 soos volg in: 3-10 (Love of money); 11-21 (Paul's charge to Timothy). Die 1983 Afrikaanse vertaling én die Direkte Vertaling van 2014 sluit vers 2c ook in: 2c-10 (Vals leer en ware rykdom/Ware rykdom); 11-21 (Die goeie stryd van die geloof/Laaste opdragte).

Vers 6-10 sluit direk aan by vers 5b wat die diepste motivering blootlê van die dwaalleraars. Hulle is daarop uit om geldelike wins te maak uit hulle godsdiensbeoefening. Vers 6-10 is 'n korreksie op hierdie ingesteldheid. Dit is 'n persoonlike woord aan Timoteus (11-15a) wat oorgaan in 'n doksologie (lofprijsing) aan God (15b-16). Vers 17-19 keer terug na die tema van geldelike rykdom. Vers 6 tot 10 lê klem op die begeerte na rykdom, terwyl vers 17-19 direk gerig is tot hulle wat klaar in rykdom leef. Ons teks lê dus 'n direkte verband tussen godsdiens (die huishouding van God) en ekonomie (die huishouding van die mens). Hierdie Skrifdeel spreek spesifiek die Christengelowige se verhouding met geld aan. Alhoewel dié woorde in die eerste plek betrekking het op die leierskap in die kerk se houding teenoor en verhouding met geld, is dit van toepassing op elke lidmaat wat deel is van "die huisgesin van God" wat die "gemeente van die lewende God" is (1 Tim 3:15).

Vers 5b. 'n Kenmerk van die dwaalleraars is dat hulle diens aan God/vroomheid (*eusebeia*) sien en gebruik om persoonlik voordeel te trek of wins te maak. Die 1983 Afrikaanse vertaling omskryf die wins spesifiek as "geldelike wins". "Money was a chief concern of the false teachers" (Guthrie). Hierdie houding druis vir Paulus direk in teen die leer/woorde van Christus en is ook nie in ooreenstemming met die godsdiens wat by volgelinge van Christus pas nie (vgl v 3).

Vers 6. Godsdiens en die soeke na geldelike wins pas nie by mekaar nie. Wat wel pas is godsdiens en tevredenheid. Die gedagte om wins te maak of voordeel te trek staan hier op die voorgrond. Vir Paulus is daar geen voordeel in die beoefening van godsdiens as dit gemik is op die soeke na geldelike voordeel nie. Daar is

egter groot wins in die beoefening van godsdiens as dit beoefen word uit die grondhouding van tevredenheid. Tevredenheid, sê Calvyn, dra net soos Psalm 34:11 'n beloftekarakter: "Jong leeus kry swaar en ly honger, maar wie smekend tot die Here nader, ly geen gebrek aan alles wat goed is nie" (Nuwe Direkte vertaling 2014). Die soeke na geldelike wins verklap 'n gees van ontevredenheid.

Vers 7-8. Paulus sluit in vers 7 aan by die Ou-Testamentiese wysheid. Hier is duidelik 'n verwysing na Job 1:21 en Prediker 5:14 en 15 (Hendriksen). Hiermee toon hy aan dat materiële besittings onbelangrik is vir ons inkomings in en vertrek uit hierdie wêreld (Guthrie). Dit definieer egter ook die mens se rol en bydrae tot die verkryging van aardse goedere. Die mens bring niks in nie en neem ook niks uit nie. Die mens se rol is dié van ontvanger en geseënde, nooit dié van skepper of besitter nie. Die enigste houding wat regtig pas by die mens is dié van tevredenheid. Dié opmerking doen egter nog meer. Dit definieer ook die waarde en rol van aardse goedere in mense se lewe. Dit is nie iets wat verhef moet word tot 'n doel in sigself nie. Aardse goedere as geskenk en seëning is bedoel om menslike lewe te onderhou en niks meer nie. Calvyn maak die volgende opmerking by hierdie vers: Omdat ons weet dat God genoegsaam sorg, moet ons "leer om ons gemoed so rustig te hou, sodat ons nie meer verlang as wat noodsaaklik vir die lewe is om dit draaglik te maak nie." Wat is dan noodsaaklik vir die lewe en wat maak dit draaglik? Vers 8 dui dit aan en gee 'n definisie van tevredenheid (Guthrie). "Kos" dui op die noodsaaklike voeding wat die mens nodig het om fisieke lewe in stand te hou. Die woord wat met "klere" vertaal word (*skepasmata*) dui op meer as net klere. Dit dui op enige bedekking wat as beskerming dien en verwys daarom na klere sowel as huisvesting (Arndt en Gingrich). "Kos en bedekking sluit weelde en oorfloed uit. Net soos die natuur met min tevrede is, moet die mens ook met min tevrede wees. Oortolligheid is alles wat vir die natuurlike gebruik te veel is" (Calvyn). "It is the yearning for material riches, as if these can satisfy the soul, that is here condemned" (Hendriksen).

Vers 9 en 10 dui die skadelike gevolge aan vir hulle wat rykdom begeer en najaag. Die begeerte na rykdom ly tot 'n gemoedstoestand waarin jy maklik verlei kan word en wat uiteindelik lei tot 'n losmaking van Christus (Ridderbos). Calvyn stel dit kenmerkend skerp: "Elkeen wat hom voorgeneem het om ryk te word, lewer homself as 'n gevangene aan die duiwel uit." In vers 9 "three clear steps of decline are discernible: lure, lust and total ruin. The desire for wealth is a monster, which plunges its victim into an ocean of complete destruction and irretrievable loss" (Guthrie). Die drie stappe van agteruitgang waarna Guthrie (ook Hendriksen) verwys, word in die 1983-vertaling met "val", "vasloop" en "stort" weergegee. "Geldgierigheid" (lett liefde vir geld) is die oorsaak/wortel van "allerlei kwaad" (1983-vertaling). Ridderbos oordeel dat die Grieks hier vertaal behoort te word om te lees: "Geldgierigheid is die wortel

van *alle* kwaad.” Dit is ook hoe die Direkte Vertaling 2014 dit weergee. “Die verskriklikste van al die kwaad wat uit geldgierigheid (’n sug na om te hê) gebore word, is die afval uit die geloof. Wie aan hierdie siekte ly, ontaard langamerhand, totdat hy die geloof geheel en al verwerp het. Dit bring uiteindelik smarte – “huiweringwekkende folteringe van die gewete,” sê Calvyn.

Vanaf vers 11 spreek Paulus vir Timoteus dringend en persoonlik aan. Wat hy egter hier vir Timoteus sê, geld vir elke dissipel van Jesus Christus (Ridderbos/Calvyn). Die klem val in die Grieks op “jy”. In die vorige verse is ’n beskrywing gegee van ’n “mens van geld”; nou gee Paulus ’n beskrywing van ’n “mens van God”.

Vers 11 bevat ’n dubbele opdrag: “Vlug weg van” en “streef na”. Vlug vir die liefde vir geld en streef na geregtigheid (1983-vertaling: “opregtheid”), vroomheid (1983: “toewyding aan God”), betroubaarheid (1983: “geloof”), liefde, volharding en sagmoedigheid (1983: “minsaamheid”). Hierdie waardes gee ’n omskrywing van ’n geestelike rykdom (Calvyn). Die werkwoorde in vers 11 en 12 dui op ’n aktiewe stryd wat ’n negatiewe (vlug) en positiewe (streef na) dimensie het. Die klem lê op die “streef na”. In vers 12 gebruik Paulus taal uit die atletiekwêreld om die inspanning mee te beskryf waarmee die dissipel moet strew. Dit dui op ’n inspanning wat “al jou kragte” (1983-vertaling) vra en wat uitgestrek “gryp” (Direkte Vertaling 2014) na die wenstreep (“die ewige lewe”). Volgens Calvyn is “geregtigheid” die moeder van al die ander deugde wat Paulus noem. Die ander word uit haar gebore. Geregtigheid het alles met God te make. Dit dui op God se regverdige optrede as regeerder en regter en God se trou aan die verbond. Dit sluit altyd die element van troue liefde in. Geregtigheid omskryf God se huishouding/ekonomie. Geregtigheid met al haar kinders is God se styl en dit is ook die styl waartoe elke dissipel geroep word. Die medalje by die wenpaal is die ewige lewe. Die ewige lewe is egter nie die beloning vir inspanning nie, maar die belofte van God waartoe elke dissipel geroep word. Die dissipel word deur God wenpaal toe geroep en getrek. As deel van sy motivering vir hierdie oproep herinner Paulus Timoteus ook aan sy eie “goeie belydenis” wat hy voor baie getuies afgelê het. Meeste kommentare oordeel dat dit dui op ’n spesifieke oomblik in Timoteus se lewe toe hy óf sy persoonlike geloof bely het óf toe hy vir die bediening as evangeliedienaar ingeseën is. Calvyn reken dat dit eerder dui op die getuienis wat deurlopend kenmerkend was van Timoteus se lewe. Paulus moedig hom dus aan om te volhard op die pad wat hy alreeds is. Daar is ’n besondere dringendheid by Paulus.

Hierdie dringendheid bereik sy klimaks in vers 13 en 14 en is veral duidelik in die woorde “ek beveel (*parangello*) jou”. Hierdie bevel vind *coram Deo* (voor die aangesig van God) plaas. Paulus vind dit nodig om spesifiek uit te lig dat God die een is wat aan alles die lewe gee. Dit kontrasteer met die mens wat niks in die wêreld inbring of daaruit wegneem nie (7). Hiermee stel Paulus vir Timoteus en elke ander dissipel onder die hoogste lewewegende gesag. Die bevel is egter ook voor

“Christus Jesus”. Jesus as “Christus” is die gesalfde van God. Dit beteken dat Hy as mens (Jesus) draer is van God se gesag. Paulus beklemtoon egter hier vir Christus Jesus as voorbeeld vir elke dissipel. Hy wys spesifiek op sy optrede en getuienis voor Pontius Pilatus. Dit is nie net sodat Timoteus en ander dissipels sal onthou wat Hy gedoen het nie, maar dat hulle ook krag uit sy voorbeeld sal put om Hom daarin na te volg. Die onwrikbare toewyding aan die geregtigheid van God in Jesus se optrede voor Pilatus word beklemtoon. Vers 14 gee dan inhoud aan die bevel. Die vraag is waarna “die opdrag” verwys wat Timoteus (en ons) moet uitvoer. Kommentare gee uiteenlopende antwoorde op dié vraag. Vir Hendriksen dui dit op “all that he has been ordered to do with respect to the ministry of the gospel and the government of the church”. Volgens Guthrie kan dit óf dui op die opdrag wat Timoteus by sy doop ontvang het óf op die opdrag in vers 11-12. Ridderbos sien dit weer as ’n verwysing na die allesbeheersende opdrag om die evangelie te verkondig. Vir Calvyn dui dit op alles wat Paulus tot hier in die brief oor Timoteus se taak gesê het, naamlik dat hy sal wys dat hy ’n getroue dienaar van Christus en die kerk is. Op die keper beskou is daar waarskynlik nie groot verskil in wat die kommentare sê nie. Die Griekse woord *aspilon* wat met “stiptelik” (1983-vertaling) en “suiwer” (Direkte Vertaling 2014) vertaal word, beteken letterlik om sonder vlek te wees. Timoteus moet absoluut seker maak dat sy lewe nie deur die gees van geldgierigheid bevlek word nie. In 3:2 en 5:7 is “onberispelikeit” ’n vereiste vir die amp van ouderling en vir die lewe van weduwees. Nou stel Paulus dit ook as vereiste vir Timoteus se lewe. Timoteus moet sy opdrag onbevleek en onberispelik uitvoer, tot met “die verskyning van ons Here Jesus Christus” (Direkte Vertaling 2014). Die evangeliedienaar en dissipel se oë is nie op die inrol van geld gefokus nie, maar op die verskyning van Christus. Hierdie fokus, sê Calvyn, is die geneesmiddel teen afdwaling en verleiding in die dissipel se lewe. Dit is ’n konstante en volgehoue fokus wat nie besorg is oor die tyd van die verskyning nie (15). In vers 13 praat Paulus van “Christus Jesus” en hier noem Hy hom “ons Here Jesus Christus”. “Here” (*kurios*) dui op die plek wat Jesus Christus in die dissipel se lewe in neem. Dit dui op Jesus se verhewe posisie en op die feit dat Hy die eienaar van elke dissipel is. Die woord “ons” gee uitdrukking aan die persoonlike en intieme verhouding wat elke dissipel met Jesus Christus het.

Die gedagte aan Jesus Christus as die Here laat Paulus spontaan oorgaan in ’n doksologie (lofprijsing). In vers 15 en 16 gebruik hy 7 woorde om Jesus Christus se verhevenheid mee te beskryf (Hendriksen; Ridderbos; Calvyn). Dié beskrywing word afgerond met ’n lofprijsing waarin Jesus Christus se ereposisie en mag besing word. Paulus raak in die skrywe van sy brief aan Timoteus in vervoering oor Jesus Christus. Dit is asof hy sy onderrig aan Timoteus onderbreek vir ’n lofbetuiging aan Hom. ’n Dissipel van Jesus Christus het ’n diep opgewondenheid oor Jesus Christus en ’n verering vir Hom. Die dwaalleraars het ’n diep opgewondenheid oor en verering vir geld. Paulus sluit sy lofprijsing af met ’n

uitroepeteken van absolute oortuiging en sekerheid: “Amen”.

In vers 17-19 is Paulus weer terug by die saak van rykdom. Hy het in vers 13 nie geskroom om Timoteus onder bevel te plaas nie. Steeds onder bevel gee Paulus nou aan Timoteus die opdrag om sterk en besliste leiding te gee aan hulle in die gemeente wat ryk is. Hy is nie teen geld of waardevolle besittings nie. Hy staan ook nie afwysend teenoor mense in die gemeente wat baie daarvan het nie. Ryk lidmate moet egter vir twee gevare oppas (17) en hulle rykdom reg gebruik (18). Hooghartigheid/hogmoed is die eerste gevaar wat hy noem. Rykdom kan ’n mens laat dink dat jy meer vernaam is as hulle wat minder as jy het. Dit kan jou kop laat swel – jou ego opblaas. Jy kan dink dat jou rykdom jou belangriker maak en bo ander verhef. Die tweede gevaar is dat jy jou hoop/sekureit in jou rykdom sal sit, ten spyte daarvan dat rykdom net met een woord beskryf kan word, naamlik “onseker”. Teenoor die onsekerheid van rykdom stel Paulus God se ryke voorsiening van “alle dinge” (Direkte Vertaling 2014). Nie net gee God oorvloedig nie, maar God se gawes is daar om “geniet” te word. Calvin sê dat hogmoed gebore word uit hoop op rykdom. Hy noem dit “’n bedrieglike hoop”. Die regte gebruik van rykdom sal egter die rykes vrywaar van dié twee gevare van vers 17. Hulle moet dit gebruik om mee “goed te doen”. Hulle rykdom aan geld en besittings moet gepaar en geëwenaar word met ’n rykdom in goeie dade. Rykdom in goeie dade is egter net moontlik indien die houding van “vrygewigheid en mededeelsaamheid” by die ryke aanwesig is. Rykdom word opgegaan as die ryke se hoop daarin is. Rykdom word uitgedeel as die ryke se hoop op God in Christus is. Vers 19 keer terug na die winsgedagte van vers 5 en 6. Ryk mense wat hul rykdom vrygewig en mededeelsaam gebruik om mee goed te doen, is eintlik besig om vir hulself ’n “skat op te bou” wat as “goeie fondament” ’n toekoms verseker. Hierdie toekoms is “die ware lewe”. Dit is ware wins.

Konteks

Konteks van die teks. 1 Timoteus is geskryf met die uitdruklike bedoeling om Timoteus as leier van die gemeente van Efese leiding te gee oor hoe hy uitvoering moet gee aan sy roeping. Hierdie bedoeling word helder geformuleer in 3:15. Die kerk is vir Paulus “die huishouding van God” wat uitdrukking vind in die plaaslike gemeente van Efese. Die kerk tree in die samelewing op as “’n pilaar en fondament van die waarheid”. Dit is met die oog op hierdie rol wat Paulus die brief aan Timoteus skryf. Dwaallering is ’n groot bedreiging vir hierdie rol en ontvang baie aandag in die brief. Paulus is diep besorg daarvoor dat Timoteus en die gemeente beïnvloed kan word deur diegene wat hulle self aanbied as dienaars van God, maar eintlik verloënaars is van die evangelie en gelowiges weglei van die geloof. Dit is in die konteks van dwaling (selfs kettery?) wat ons die verhouding van die dwaalleraars met geld en rykdom moet verstaan. Geldgierigheid kom vir Paulus neer op die verloëning van die evangelie en die uitval uit die geloof. Vir hom is niks minder as die integriteit van die kerk en haar boodskap op die spel nie.

Konteks van die ekonomie en verbruikerskultuur. Ons teks lê ’n direkte verband tussen godsdiens en ekonomie – gelowiges se verhouding met geld en materiële besittings en welvaart. Uit vers 5b-10 is dit duidelik dat Paulus kerkleiers en lidmate maan teen ’n doelbewuste verlange en soeke na rykdom. Die najaag van rykdom mag nooit deel wees van die gelowige se lewe nie. En as kerkleiers rykdom soek en hulle godsdiensbeoefening sien as ’n middel tot hierdie doel, is hulle dwaalleraars. Die lewensgesteldheid wat by gelowiges pas is tevredenheid, omdat hulle leef van God se vrygewige en oorvloedige sorg. Gelowiges is tevrede met genoeg vir die instandhouding en beskerming van die lewe (Conradie verkies die woord “vergenoegdheid”, omdat die woord tevredenheid dikwels gebruik word om mense aan te moedig om met te min vrede te maak). Hulle verlang na niks meer en soek na niks meer nie. Psalm 131 dra die gees en ingesteldheid wat by die gelowige pas. In God en in sy sorg vind die gelowige alles wat nodig is. Die gelowige is ’n versadigde kind aan God se bors. Moenie rykdom soek nie, sê Paulus, want dié soeke ondermyn jou geloof. Jy kan nie God en Mammon dien nie! Wie dan sy of haar oog op Mammon het, sal van God vervreem en die weg van die geloof verlaat. Sou ’n gelowige tog wel op enige ander wyse rykdom ontvang, moet die gelowige dit gebruik om goed te doen met ’n gees van vrygewigheid en mededeelsaamheid (17-19). Rykdom of geldelike surplus moet nie opgegaan raak as ’n doel in sigself nie, maar behoort aangewend te word tot die voordeel van ander. Geld moet nie gebêre word nie, maar gebruik word.

Die sisteem wat die wêreld ekonomie beheer, is in direkte stryd hiermee. Geld het alles geword. Alles word in terme van geldwaarde bereken en beoordeel. Hoe minder geldwaarde iets het, hoe minder waardevol is dit. Dit is só omdat geld ’n doel in sigself geword het. Aanvanklik was geld ’n middel tot ’n doel wat ruilhandel gefasiliteer het. Sedert die Romeinse ryk het dit egter toenemend die maatstaf geword waaraan waarde van alles gemeet is. Dit het die waardevolste item geword wat die mens kan hê. Die hoogste sekureit moontlik is geldelike sekureit. Daarom moet dit opgegaan en vermeerder word. Dit verseker gemoedsrus. Wie oor dié proses en die impak daarvan wil lees, kan Charles Eisenstein se *Sacred Economics* raadpleeg. Hy beskryf nie net die ontwikkeling van ons huidige ekonomiese sisteem nie, maar dui ook ’n nuwe pad aan wat geld weer sal herstel tot dienskneg van wat hy noem “*n gawe-ekonomie*” (gift economy). Daar is heelwat raakvlakke tussen wat hy sê en die riglyne van ons teks. Sy werk is op die Internet beskikbaar by charleseisenstein.net.

Die kultuur van verbruik het gegroei uit en word ook gevoed deur die waarde wat geld vir ons het. Ernst Conradie skryf: “Die veronderstelling is dat die geldgierigheid waarvan daar reeds in 1 Timoteus 6 ter sprake is in ons dag verreikende implikasies verkry het” (vgl die inleidende opmerkings net na die Basisliturgie vir die Seisoen van Skepping). Hy spel dié implikasies uit in sy boek, *Uitverkoop? In gesprek oor die verbruikerskultuur* (2009). Dit is asof geldgierigheid in ons dag tot wasdom gekom en ons wêreld oorgeneem het. Geldgierigheid het ’n wêreld geskep waarin geld

inderdaad goddelike status verkry het. In só 'n mate dat juis dit waarvoor Paulus bang was en die kerk teen gewaarsku het op massiewe skaal gebeur het en steeds gebeur. In hoofstuk 4 van sy genoemde boek gee Conradie 'n beskrywing van die simptome wat kenmerkend is van die verbruikerskultuur. Een van hulle is *influenza* (verbruikersgriep) wat hy só definieer: Dit is 'n soort aansteeklike virus, 'n angstige besitlikheid wat maak dat mense al hoe méér wil besit – wat hulle oorlaai en verlam met skuld en angs. Die simptome van 'n welvaartskultuur is so wyd verspreid dat almal dit kan raaksien.

Dit behels onder meer 'n gevoel van leegheid, betekenisloosheid, doelloosheid, spanning en depressie.

Dit behels voortdurende klagtes oor oorvol programme en die oënskynlike behoefte aan opwindende naweke en vakansies om die moegheid teen te werk.

Dit wys in die stres van altyd haastig wees, in die klaarblyklike onvermoë om in die hede te leef.

Dit wys in gevoelens van minderwaardigheid as gevolg van 'n ervarede onvermoë om met die kompeterende aard van 'n kapitalistiese etos te kan byhou.

Dit wys in die oormatige angstigheid wat mense oor hulle fisieke voorkoms het.

Dit wys in die oor- of onderbektoneering van sport.

Hy haal vir Richard Foster aan wat sê: “The lust for affluence in contemporary society is psychotic . . . because it has completely lost touch with reality. We crave things we neither need nor enjoy. We buy things we do not want, to impress people we do not like . . . Covetousness we call ambition. Hoarding we call prudence. Greed we call industry (*Celebration of discipline*, 71).

Paulus was in die kol: “Die hunkering na rykdom het sommige mense laat afdwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor” (1 Tim 6:10; Direkte vertaling 2014).

Konteks van die ekologie. Hierdie siek verbruikers-samelewing het tragiese nadelige gevolge vir die natuur. Natuurlike hulpbronne as geskenke van God om lewe te help voortbring en te onderhou, word slagoffers van die verbruikershonger van mense. Hierdie honger vra voortdurend na meer. Dit het reeds daartoe bygedra dat vele vorme van lewe uitgesterf het of opgebruik is. Elemente soos grond, water en lug is soos alle ander dinge in die verbruikerskultuur verander tot menslike besittings wat gekoop en verkoop kan word. Uiteindelik word alles in die natuur gebruik om geld mee te maak. Om weer vir Ernst Conradie aan te haal: “Sorg vir die omgewing gaan nie net oor natuurbewaring nie. Natuurbewaring is slegs nodig vanweë die impak van hoofstroom ekonomiese aktiwiteite. Enersyds stu produksie en verbruik die ekonomie voort. Ekologiese probleme kan daarom nie aangepak word sonder om te kyk na die verbruikerskultuur wat aan die wortel daarvan lê nie. Só eenvoudig is dit. Andersom is die verbruikerskultuur juis ook 'n simptome van die onderliggende probleem. Die ekologiese krisis raak nie

net die natuur nie. Dit is 'n teken van 'n siek samelewing. Dit dui op 'n sosiale, morele en – inderdaad ook – 'n spirituele probleem.

“Ons as mense dra die ekologiese krisis in ons eie liggamme rond. Dit gaan oor die gifstowwe in die kos wat ons eet, die bronne van die water wat baie mense moet drink, die besoedelde lug wat ons inasem en die herkoms van die klere wat ons dra. Dit raak die manier waarop ons leef, hoe ons dink, ons houdings en gedrag.”

Preekvoorstel

'n Preek sou die volgende lyn kon volg. Vertel die gemeente van 'n nuwe soort griep (*influenza*) wat die gemeenskap bedreig en help hulle die kultuur van verbruik verstaan. Illustreer dit met voorbeelde uit die lewe van lidmate, sodat hulle daarmee kan identifiseer en nie as 'n lesing beleef nie. Toon veral aan hoe gierigheid (ontevredenheid en honger na meer) hierdie kultuur kenmerk. Kyk saam met die gemeente na wat Paulus oor gierigheid leer. Toon aan hoedat juis dit waarteen Paulus waarsku die verbruikerskultuur kenmerk. Help dan die gemeente om raak te sien hoe die verbruikerskultuur ook die lewe van Christene en die kerk binnegedring het. (Conradie se waarskuwing is gepas: “Die gevaar is nie net dat die kerk só 'n verbruikerskultuur onkrities sal aanvaar nie, maar ook dat dit die kerk self sal infiltrer. Die gevaar is dat die evangelie in die taal van 'n verbruikerskultuur verkondig sal word. Dan word die evangelie 'n produk wat te koop aangebied word en wat doeltreffend bemark moet word sodat 'n bepaalde kerk se markaandeel onder godsdienstige verbruikers kan styg. Die kerk word só 'n soort maatskappy met bestuursvergaderings, doelwitte, groeiakoerse, bestekopnames en jaarverslae. Die taal van herders, leraars en bedienings word vervang met dié van bestuur, leierskap, goeie besigheidsbeginsels, en 'n bietjie gemeenskapsbetrokkenheid ter wille van die beeld na buite”.) Wees baie prakties.

In 'n volgende rondte kan dan aangetoon word hoe die ekologiese krisis direk verband hou met die verbruikerskultuur. Die gemeente moet onder die indruk kom van die erns van die krisis en die noodsaak verstaan vir 'n ander lewensstyl wat 'n teenvoeter kan wees vir die kultuur van verbruik. Die vraag: “Wat moet ons doen?”, moet in hulle opgewek word. Beantwoord dié vraag deur dit toe te pas op die totale gemeentelike lewe. Begin by die finansiële beleid van die kerkraad en die aanwending van gemeentelike bates. Kyk krities na julle eie gemeente se verhouding met geld en besittings. Watter riglyne (beginsels) volg julle kerkraad en diensgroepe as dit kom by die finansiële beplanning en besteding van fondse? Vra elke diensgroep in die gemeente om hulle eie bediening te evalueer in die lig van die preekteks met verslag aan die kerkraad. Roep ook elke lidmaat op om dieselfde in hulle eie lewe te doen. Betrek al die strukture in die gemeente (kleingroepe/selgroepe/wyksbyeenkomste) om hierdie selfondersoek te doen en lidmate daarmee te help.

Sluit af deur die gemeente te help om in die lig van die teks te sien dat die pad van tevredenheid baie groter wins inhou en groter vreugde bring as die verkryging van

rykdom. Hulle moet van harte lus kry om hulleself daartoe te verbind om met tevredenheid te lewe en hulle rykdom te gebruik om mee goed te doen. Lede van God se huishouding is tevrede met en by God. Die kultivering van 'n tevrede en mededeelsame lewensstyl sal uiteindelik die ekologiese krisis help omkeer en dalk selfs afweer.

Bibliografie

Kommentare: Calvyn, Johannes 1966. *Uitlegging van de Pastorale Brieven*. Kampen: J H Kok; Guthrie (Tyndale); Hendriksen (Banner of Truth); Ridderbos, Herman 1967. *De Pastorale Brieven*. Kampen: J H Kok.
Ander: Conradie, Ernst 2009. *Uitverkoop? In gesprek oor die verbruikerskultuur*. Lux Verbi; Eisenstein, Charles 2011. *Sacred Economics: Money, Gift and Society in the age of transition*. Berkeley California: Evolver Editions.

